INHOUD


1. ALGEMENE INLIGTING 3
   - 1.1 Visie, Missie en Waardes 3
   - 1.2 Organisasiestruktuur 5
   - 1.3 Regsmandaat 6
   - 1.4 Voorlegging van die Jaarverslag aan die Uitvoerende Gesag 7
   - 1.5 Voorwoord deur die Voorsitter 8
   - 1.6 Kerndoelwitte 9
   - 1.7 Verklaring van Verantwoordelikheid 9
   - 1.8 Basis vir Opstel van die Finansiële Jaarstate 9

2 INLIGTING OOR VOORAF BEPAALDE DOELWITTE
   - 2.1 Algemene Prestasie 10
   - 2.1.1 Begrote Fondse 10
   - 2.1.2 Strategiese Uitkomste-gerigte Doelwitte 10
   - 2.1.3 Oorsig van die Diensleweringsomgewing 10
   - 2.1.4 Oorsig van die Organisatoriese Omgewing 15
   - 2.1.5 Kernbeleidsontwikkeling en Wetgewende Veranderinge 17
   - 2.1.6 Inkomste en Uitgawes 18
   - 2.2 Programprestasie 20
   - 2.3 Ander aktiwiteite waaroor verslag gedoen moet word 22

3. FINANSIËLE JAARSTATE
   - 3.1 Verslag van die Ouditkomitee 25
   - 3.2 Verslag van die Rekenpligtige Gesag 28
   - 3.3 Verslag van die Ouditeur-Generaal 33
   - 3.4 Finansiële Jaarstaat 36

4. MENSLIKEHULPBRONBESTUUR
   - 4.1 Vergaderings van Erfenis Wes-Kaap 53
   - 4.2 Uitvoering van Werk 53

5 ANDER INLIGTING
   - 5.1 Akronieme 54
   - 5.2 Lys van Kontakbesonderhede 54
   - 5.3 Bykomende Inligting 54

# 1. ALGEMENE INLIGTING

## 1.1 Visie, Missie en Waardes

Om die diverse stedelike en landelike erfenishulpbronne van die mense van die Wes-Kaap te vier, te koester en in stand te hou deur trots te bevorder op die tasbare en nie-tasbare erfenis, veral onder die voorheen gemarginaliseerde mense.

**Missie**

Deur 'n geïntegreerde stelsel vir erfenishulpbronbestuur in die Wes-Kaap te vestig en in stand te hou, sal ons die identifisering, bewaring, beskerming en bevordering van erfenishulpbronne vir al ons gemeenskappe vir die huidige en toekomstige geslagte verseker.

**Beginsels en Waardes**

EWK werk binne die drie-sfeer-stelsel van Suid-Afrika vir die bestuur van erfenishulpbronne, waarbinne funksies op nasionale vlak die verantwoordelikheid is van SAEHA, provinsiale funksies die verantwoordelikheid van provinsiale erfenishulpbronowerhede is en plaaslike funksies die verantwoordelikheid van munisipaliteite is. EWK erken dat hy aanspreeklik is vir sy optrede en besluite en die uitvoering van funksies wat ingevolge hierdie stelsel aan hom toegeken is.

EWK funksioneer ook ingevolge prioriteite wat in die provinsie se ontwikkelingsraamwerk geïdentifiseer is en die beleid van "Geleenthede vir Almal" van die provinsiale regering. As sodanig speel dit 'n sleutelrol in die bou van maatskaplike en menslike kapitaal.

**Beginsels**


- Respek vir diversiteit in 'n multi-kulturele en demokratiese gemeenskap word bereik deur die skep van 'n gepaste klimaat vir begrip, geestelike welsyn en nasiebou deur die bewaring, bevordering en benutting van die erfenis van al die kulture wat die karakter van die provinsie vorm.
- Assessering van die belang van 'n erfenishulpbron word gebaseer op deeglike navorsing en dokumentasie, waaronder die gebruik van mondelinge geskiedenis en nie-tasbare erfenis om landelike sowel as stedelike erfenishulpbronne te identifiseer.
- Aangesien ons erfenishulpbronne uniek is en nie herskep kan word wanneer hul beskadig of vernietig is nie, het die bewaring daarvan implikasies vir die manier waarop ekonomiese en infrastruktuurbeplanning en -ontwikkeling plaasvind.
- Die proses van identifisering, assessering, bewaring en bestuur van erfenishulpbronne vereis openbare deelname, soos gestipuleer in die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne.
- Besluitneming in verband met die assessering van die belangrikheid van erfenishulpbronne word onderneem deur EWK se Raad en komitees, in 'n gees van samewerking, koördinering, kommunikasie en integrasie met ander provinsiale departemente en plaaslike owerhede.

**Waardes**

- 'n Holistiese en omvattende benadering tot die bestuur van erfenishulpbronne wat koördinering, kommunikasie en integrasie bevorder
- Doeltreffende, bevoegde en maatskaplik verantwoordelike dienslewering deur vennootskappe en samewerkende regering
- Openbare raadpleging deur netwerke, vennootskappe en samewerkende regering
- Kreatiwiteit, verbintenis en toewyding tot die vind van oplossings vir bewarings- en bestuursprobleme deur middel van menslikehulpbronontwikkeling
- Rekenpligtigheid en deursigtigheid
- Verantwoordelikheid vir, en besorgdheid en entoesiasme oor die erfenishulpbronne van alle gemeenskappe, veral ten opsigte van die ontwikkeling van maatskaplike kapitaal

## 1.2 ORGANISASIESTRUKTUUR

Erfenis Wes-Kaap is in Oktober 2002 ingestel ingevolge artikel 23 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999) en die regulasies wat ingevolge Provinsiale Kennisgewing 336 afgekondig en gepubliseer is in *Provinsiale Koerant* 5937, gedateer 25 Oktober 2002.



## 1.3 Regsmandaat

**Nasionale Wetgewing**

| | |
|---|---|
| Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika | Wet 108 van 1996 |
| Wet op Kulturele Instellings | Wet 119 van 1998 |
| Wet op Bevordering van Kultuur | Wet 35 van 1983 |
| Wet op Kultuur-, Godsdienstige en Taalgemeenskappe | Wet 19 van 2002 |
| Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies | Wet 25 van 2002 |
| Wet op die Raamwerk vir Tussenregeringsverhoudings | Wet 13 van 2005 |
| Wet op die Nasionale Argief van Suid-Afrika | Wet 65 van 1989 |
| Wet op die Nasionale Erfenisraad | Wet 11 van 1999 |
| Wet op Nasionale Erfenishulpbronne | No. 25 van 1999 |
| Nasionale Tesourieregulasies | Staatskoerant 27388 van 15 Maart 2005 |
| Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting | Wet 2 van 2000 |
| Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid | Wet 3 van 2000 |
| Wet op Openbare Finansiële Bestuur | Wet 1 van 1999 |
| Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Geografiese Name | Wet 118 van 1998 |
| Wet op die Wêrelderfeniskonvensie | Wet 49 van 1999 |

**Provinsiale Wetgewing**

| | |
|---|---|
| Grondwet van die Wes-Kaap | Wet 108 van 1996 |
| Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurraad, 1998 | Wet 1 van 1998 |
| Regulasies op Wes-Kaapse Erfenishulpbronbestuur | PK 336 van 25 Oktober 2002<br>PK 298 van 29 Augustus 2003<br>PK 212 van 10 November 2004<br>PK 106 van 31 Maart 2005 |

## 1.4 Voorlegging van die Jaarverslag aan die uitvoerende gesag

In ooreenstemming met artikel 55(1)(d) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) en in ooreenstemming met artikel 28(2) van die Nasionale Tesourieregulasies, lê ek hiermee die jaarverslag oor die aktiwiteite van Erfenis Wes-Kaap en die geouditeerde finansiële state vir die 2011/12-boekjaar aan die Minister van Kultuursake en Sport, dr. Ivan Meyer, en die Provinsiale Parlement van die Wes-Kaap, voor.

Erfenis Wes-Kaap is op 25 Oktober 2002 as 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid ingestel (kyk Provinsiale Kennisgewing 336 van daardie datum wat ingevolge artikel 23 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne gepubliseer is). Erfenis Wes-Kaap vier dus vanjaar sy eerste dekade van diens aan die mense van die Wes-Kaap.

Erfenis Wes-Kaap het gedurende hierdie tyd sy mandaat suksesvol geïmplementeer om voorsiening te maak vir die identifisering, bevordering, beskerming, bewaring en bestuur van erfenishulpbronne in die provinsie. Die Raad en personeel het raamwerke goed gevestig om seker te maak dat dit die geval is en hulle het die organisasie 'n organisasie gemaak wat as 'n rolmodel in die sektor erken word. Hoewel die bewaring van die nasionale erfenis van die provinsie die kernfokus van die organisasie is en moet bly, dra Erfenis Wes-Kaap ook by tot die toerismebedryf deur seker te maak dat daar erfenishulpbronne is vir besoekers om te besigtig en te waardeer. Die organisasie beskou ook sy werk in die bewaring van dit wat belangrik is vir gemeenskappe as bydraend tot maatskaplike stabiliteit, wat dit die potensiaal verleen om 'n rol te speel in die provinsiale regering se programme vir maatskaplike insluiting.

Die 2011/12-boekjaar was 'n jaar van hersiening en verandering wat hervorming van die werksmetodes van die personeel sowel as die komitees van die Raad gesien het. Dit is aangedryf deur die instelling van nuwe of hersiene beleidsrigtings en prosedures wat ontwerp is om seker te maak dat die organisasie die publiek beter dien deur meer geloofbaar en doeltreffend te werk.

Die suksesse van die jaar, wat in hierdie verslag in besonderhede uiteengesit word, kon nie bereik word, of die uitdagings wat ervaar is, kon nie oorkom word sonder die ondersteuning van 'n hardwerkende personeel, 'n Raad en lede van die komitees wat so gewillig was om hulle tyd en kundigheid aan te bied, en 'n departement, spesifiek die Hoof-Finansiële Beampte, en die Minister wat entoesiastiese ondersteuning bied nie. My dank gaan aan al hierdie mense en die vele ander wat 2011/12 'n suksesvolle jaar gemaak het.

Ons sien uit na ons tweede dekade van diens.

A. B. Hall

ANDREW HALL
Hoof-Uitvoerende Beampte en Rekenpligtige Gesag
Erfenis Wes-Kaap

## 1.5 Voorwoord deur die Voorsitter

Gedurende die loop van die 2011/12-boekjaar het die Raad en HUB van Erfenis Wes-Kaap albei hul eerste jaar in die amp voltooi. Dit was 'n jaar van belangrike prestasie ten opsigte van beleids- en administratiewe verandering wat bedoel was om die organisasie 'n doeltreffende en doelmatige dienaar van die publiek te maak.

Die bedryfstelsels van die organisasie is in die tweede helfte van die vorige boekjaar hersien, in ooreenstemming met 'n agenda deur die Raad opgestel. Dit het EWK in staat gestel om 'n beter diens te lewer aan gemeenskappe wat hulle erfenis waardeer en aan dié wat aansoek doen om toestemming om te werk op terreine wat erfeniswaarde het. Sodoende het die Raad sy verbintenis getoon tot die skep van meer geleenthede vir konsultasie oor die toekoms van erfenishulpbronne en om seker te maak dat die aansoeke wat by die organisasie gedoen word, doeltreffend verwerk word. Die tyd tussen die indiening van 'n aansoek en die bekend maak van besluite deur komitees is oor die algemeen vinniger en meer voorspelbaar. Die doelwit van groter openbare deelname is bevorder deur die Wes-Kaapse Erfenishulpbronne-spitsberaad wat in Julie 2011 as 'n inisiatief van die Minister van Kultuursake, Sport en Ontspanning, dr. Ivan Meyer, gehou is.

Baie vordering is op die gebied van beleidsontwikkeling gemaak. Die Raad het vanjaar raamwerke vir die funksies van die Raad en sy komitees ingestel deur 'n Gedragskode te aanvaar en reëls vir orde en die hou van vergaderings in te stel. 'n Protokol vir die funksies van personeel is ook deur die bestuur en personeel ontwikkel. Dit sit uiteen hoe die personeel van die organisasie aansoeke hanteer. Hierdie maatreëls is fundamenteel vir die vestiging van 'n duidelike modus operandi vir organe van die EWK en hulle lê die grondslag vir beleidsontwikkeling op ander gebiede.

Nog 'n belangrike ontwikkeling was die skep van duidelike en gereelde kommunikasie met SAEHA deur die instelling van 'n forum vir senior personeel en Raadslede van albei organisasies. Dit het die twee organisasies in staat gestel om sake van wedersydse belang te bespreek en op te los, en dit was besonder nuttig vir die publiek ten opsigte van gebiede waar daar onduidelikheid oor jurisdiksie was. Ek bedank die HUB van SAEHA vir haar bereidheid om by die EWK en sy sake betrokke te raak.

Ek bedank die HUB van EWK, mnr. Andrew Hall, en sy personeel vir hulle toegewyde werk, lede van die Raad en sy komitees, asook ons Minister, dr. Ivan Meyer, vir sy waardevolle ondersteuning van alle sake ten opsigte van erfenishulpbronne.

ADV. RONÉE ROBINSON
Voorsitter, Erfenis Wes-Kaap

## 1.6 Kerndoelwitte

1. Bedien die Minister van raad oor die implementering van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999, en verwante provinsiale en plaaslike wetgewing. Lê jaarliks 'n verslag aan die Minister voor waarin die EWK se aktiwiteite gedurende die jaar vermeld word.
2. Bevorder stelselmatige identifisering, optekening en assessering van erfenishulpbronne en erfenisvoorwerpe wat deel vorm van die nasionale erfenis in die provinsie.
3. Bevorder samewerkende bestuur vir die bestuur van erfenishulpbronne op provinsiale en plaaslike vlak.
4. Beskerm en bestuur erfenishulpbronne in die provinsie wat voldoen aan die assesseringskriteria wat ingevolge artikel 7(1) vir Graad 2-status voorgeskryf word.
5. Bemagtig en moedig gemeenskappe en die burgerlike gemeenskap aan om hulle erfenishulpbronne te koester en te bewaar sodat hulle dit aan toekomstige geslagte kan nalaat.
6. Vestig beleid, doelwitte en strategiese planne vir die bestuur van erfenishulpbronne in die provinsie.
7. Stel norme en standaarde en neem stappe vir die instandhouding en bestuur van erfenishulpbronne in die provinsie.
8. Hou databasisse oor erfenishulpbronne in stand in ooreenstemming met nasionale standaarde en voorsien die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA) met gereelde intervalle van sodanige data.
9. Bepaal die bevoegheid van plaaslike owerhede om erfenishulpbronne te bestuur in ooreenstemming met die nasionale stelsel vir die erfenisgradering van plaaslike owerhede wat ingevolge artikel 8(6) voorgeskryf word.
10. Koördineer en moniteer die prestasie van plaaslike owerhede in die implementering van hulle verantwoordelikhede ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999, en provinsiale wetgewing oor erfenis.

## 1.7 Verklaring van Verantwoordelikheid

Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) vereis dat die Rekenpligtige Gesag volledige en behoorlike rekords van die organisasie se finansiële sake moet hou. Die Finansiële jaarstate moet, ingevolge die Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) die stand van sake by die EWK, sy besigheid, finansiële resultate, prestasie volgens voorafbepaalde doelwitte en finansiële posisie aan die einde van die boekjaar regverdig aanbied.

## 1.8 Basis vir die opstel van die Finansiële Jaarstate

Die basis vir die opstel van die EWK se Finansiële jaarstate word in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999, Nasionale Tesourieregulasies en in toepaslike wetgewing in verband met gepaste interne kontrole weergegee om wesentlike wanvoorstellings en verliese te beperk en op te spoor.

## 2. INLIGTING OOR VOORAFBEPAALDE DOELWITTE

### 2.1 Algemene Prestasie

#### 2.1.1 Begrote Fondse

| Hoofbewilliging R'000 | Aangepaste Bewilliging R'000 | Werklike Bedrag Bestee R'000 | Oor-/Onder-besteding R'000 |
|---|---|---|---|
| 2 028 | | 914 | 1 114 |
| | | | |
| **Verantwoordelike Minister LUK** | MINISTER VAN KULTUURSAKE EN SPORT<br>Dr. Ivan Meyer | | |
| **Administrerende Departement** | HOOF- FINANSIËLE BEAMPTE: ONDERSTEUNING | | |
| **Rekenpligtige Gesag** | Mnr. A Hall | | |

#### 2.1.2 Strategiese Uitkomsgerigte Doelwitte

**Strategiese Doelwitte van Erfenis Wes-Kaap**

| | |
|---|---|
| **Strategiese Doelwit** | Om die erfenishulpbronne van die Wes-Kaap te beskerm, te bewaar en te bestuur. |
| **Doelwitverklaring** | Om die erfenishulpbronne van die Wes-Kaap vir die huidige en toekomstige geslagte te beskerm, te bewaar en te bestuur. |
| **Regverdiging** | EWK, as openbare entiteit word verplig deur die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999) om die Minister te adviseer oor die bestuur, bewaring en beskerming van erfenishulpbronne. |
| **Skakels** | Moederdepartement: Bevordering van ontwikkeling en transformasie van kultuuraktiwiteite ten einde by te dra tot nasiebou; goeie bestuur, die ontwikkeling van maatskaplike en menslike kapitaal; en volhoubare ekonomiese groei en geleenthede. |

#### 2.1.3 Oorsig van die Diensleweringsomgewing

**Getal Rekords van Besluite uitgereik:**

Gedurende die 2011/12- boekjaar is 1 832 rekords van besluite (RvBs) uitgereik. Dit verteenwoordig 'n toename van 11.2% op die 1 647 wat in die vorige jaar uitgereik is. Van besondere belang is 'n styging van 22.3% in die getal aansoeke wat ingevolge Artikel 38 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne gedoen is om impakassessering te hanteer. Laasgenoemde groei word toegeskryf aan groter bewustheid en aan groter konstruksieprojekte wat onderneem is as gevolg van die stabilisering van die ekonomie. Die algemene styging is ook waarskynlik 'n aanduider van die verbeterde ekonomiese situasie, maar kan ook die gevolg wees van beter rekordhouding deur EWK. Daar is nou 'n stelsel in plek vir die toekenning van saaknommers aan elke aansoek en 'n stelsel om hulle via 'n databasis deur die stelsel te volg.

Die uiteensetting van Rekords van Besluite is soos volg:

| Artikel in die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne | Apr. | Mei | Jun. | Jul. | Aug. | Sept. | Okt. | Nov. | Des. | Jan. | Febr. | Mrt. | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **KOMITEE VIR BEBOUDE OMGEWING EN LANDSKAPPE** | | | | | | | | | | | | | |
| Artikel 27 Provinsiale Erfenisterreine | 5 | 3 | 14 | 14 | 21 | 10 | 9 | 9 | 11 | 4 | 3 | 15 | **118** |
| Artikel 29 Voorlopige Beskerming | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 0 | **1** |
| Artikel 31 Erfenisgebiede | 0 | 1 | 0 | 2 | 1 | 0 | 0 | 0 | 3 | 0 | 2 | 0 | **9** |
| Artikel 34 Veranderinge en Aanbouings | 14 | 22 | 17 | 17 | 9 | 15 | 1 | 3 | 2 | 5 | 9 | 6 | **121** |
| Artikel 34 Totale Sloping | 14 | 1 | 6 | 12 | 4 | 7 | 4 | 3 | 3 | 3 | 0 | 4 | **61** |
| **TOTAAL** | **33** | **27** | **37** | **45** | **36** | **32** | **14** | **15** | **19** | **12** | **15** | **25** | **310** |
| **KOMITEE VIR DIE HERSIENING VAN IMPAKASSESSERINGS** | | | | | | | | | | | | | |
| Artikel 38(1) | 7 | 7 | 4 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 2 | 2 | 0 | 0 | 28 |
| Artikel 38(4) | 5 | 4 | 24 | 0 | 2 | 2 | 0 | 2 | 6 | 1 | 5 | 4 | 55 |
| Artikel 38(8) | 25 | 20 | 32 | 10 | 15 | 15 | 17 | 3 | 20 | 6 | 2 | 15 | 170 |
| **TOTAAL** | **37** | **31** | **60** | **11** | **18** | **18** | **18** | **7** | **28** | **9** | **7** | **19** | **263** |
| **KOMITEE VIR ARGEOLOGIE, PALEONTOLOGIE EN METEORIETE (APM)** | | | | | | | | | | | | | |
| Artikel 27 Provinsiale Erfenisterreine | 0 | 0 | 0 | 4 | 4 | 8 | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | **17** |
| Artikel 35 Argeologiese Permitte | 14 | 0 | 3 | 1 | 1 | 1 | 4 | 5 | 10 | 3 | 3 | 3 | **48** |
| **Totaal** | **14** | **0** | **3** | **5** | **5** | **9** | **5** | **5** | **10** | **3** | **3** | **3** | **65** |

| APPÈLKOMITEE | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Alle Artikels** | **2** | **2** | **0** | **2** | **3** | **2** | **1** | **3** | **2** | **2** | **5** | **4** | **28** |
| **PERMITTE UITGEREIK INGEVOLGE PERSONEELDELEGASIE VIR VERANDERINGE EN AANBOUINGS** | | | | | | | | | | | | | |
| Artikel 27 Provinsiale Erfenisterreine | 0 | 0 | 0 | 0 | 4 | 4 | 1 | 0 | 0 | 0 | 3 | 3 | **15** |
| Artikel 34 Veranderinge en Aanbouings | 35 | 27 | 23 | 51 | 110 | 117 | 91 | 40 | 66 | 66 | 52 | 95 | 773 |
| Artikel 34 Totale Sloping | 0 | 0 | 9 | 8 | 16 | 9 | 0 | 2 | 9 | 9 | 9 | 2 | 73 |
| Artikel 38 (Kennisgewing van Voorneme om te Ontwikkel) Ontwikkeling | 0 | 0 | 17 | 48 | 23 | 29 | 22 | 24 | 46 | 31 | 40 | 25 | 305 |
| **TOTAAL** | **35** | **27** | **49** | **107** | **153** | **159** | **114** | **66** | **121** | **106** | **104** | **125** | **1166** |
| **TOTALE GETAL PERMITTE EN REKORDS VAN BESLUITE UITGEREIK** | | | | | | | | | | | | | |
| **Alle Artikels** | **121** | **87** | **149** | **170** | **215** | **220** | **152** | **96** | **180** | **132** | **134** | **176** | **1832** |

**Databasisse**

Erfenis Wes-Kaap het die afgelope drie jaar 'n databasis gebruik wat vir interne gebruik ontwikkel is en wat primêr vir die stoor van inligting oor argeologiese en paleontologiese terreine gebruik is.

Met die oog op die uitbreiding van die hoeveelheid data wat geredelik beskikbaar is op die databasis, het EWK deur die loop van die jaar aan 'n Uitgebreide Openbare Werke-Program van die Departement van Kultuursake en Sport deelgeneem om erfenismateriaal digitaal vas te lê. Drie werkers is vir hierdie projek aangestel om die rekords van al die terreine waarmee EWK en sy voorgangers in die Wes-Kaap sedert die instelling van 'n nasionale raamwerk vir die bewaring van erfenishulpbronne in die twintigerjare ingestel is, digitaal vas te lê. EWK het tans 15 576 terreinrekords in sy besit, waarvan die eerste 1 112 tussen Januarie en Maart 2012 na digitale formaat omgeskakel is. Hierdie projek skep die potensiaal om gedetailleerde inligting oor die erfenishulpbronne van die provinsie in die toekoms maklik aan navorsers en die algemene publiek beskikbaar te stel.

Daar was vroeg in die jaar samesprekinge met die Stad Kaapstad om EWK toe te laat om sy standaard vir die bestuur van sy erfenisdata en geografiese inligting oor erfenishulpbronne as basis vir die ontwikkeling van 'n nuwe provinsiale databasis te gebruik. Hierdie idee is egter vervang deur 'n baie welkome inisiatief aan die kant van SAEHA, EWK se sustersliggaam op nasionale vlak, om 'n nasionale databasis te ontwikkel wat op die Internet vir erfenishulpbronowerhede en die publiek toeganklik sal wees. Met die afsluiting van die boekjaar het die projek reeds groot vordering gemaak en personeel van EWK help SAEHA met die toets van 'n konsepweergawe van die stelsel.

**Kommunikasie**

Twee omsendbriewe wat verskillende prosedurele kwessies verduidelik, is in Mei 2011 en Maart 2012 gesirkuleer. Dit is hoofsaaklik gerig op professionele mense wat in die erfenissektor werk en is bedoel om hulle in hulle werk met EWK te help.

EWK het gedurende die loop van die jaar begin om sy webtuiste beter te benut as 'n kommunikasie-instrument en die dokumente wat op die internet beskikbaar is, is bygewerk. Hierbenewens word alle agendas voor vergaderings nou op die webtuiste geplaas. Dit dien vir die algemene publiek as 'n bron van inligting oor sake wat deur komitees geopper is, en dit verskaf hulle met 'n geleentheid om hulle reg uit te oefen om by vergaderings waar besluite geneem word, insette te lewer. Binne 'n paar dae na elke vergadering word 'n lys van besluite wat geneem is nou op die webtuiste geplaas. Dit stel die publiek in staat om hulle reg om appèl aan te teken, uit te oefen. Sodra dit goedgekeur is, word volledige notules op die webtuiste geplaas.

**Hersiening van aansoekvorms**

Van 1 Julie 2011af, ná 'n werksessie oor die saak en 'n proeftydperk van 'n konsepvorm, is 'n nuwe vorm vir Kennisgewing van Voorneme om te Ontwikkel geïmplementeer. 'n Onderneming is verskaf dat die vorm vroeg in die nuwe jaar hersien sal word.

'n Werksessie is gehou oor die hersiening van die vorm vir aansoeke vir beboude omgewings ingevolge artikels 27 en 34 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne. Hierdie vorm is Bylaag A tot die EWK-regulasies wat in Provinsiale Kennisgewing 298 van 29 Augustus 2003 (Engels) en Provinsiale Kennisgewing 212 van 10 November 2004 (Afrikaans en isiXhosa) gepubliseer is.

Hierdie inisiatiewe is die begin van 'n hersieningsproses vir alle aansoekvorms wat in die bylaes tot die regulasies vervat is.

**Appèlle**

Die Appèlkomitee het in die loop van die jaar 11 keer vergader om 14 appèlle aan te hoor wat gemaak is ten opsigte van die 1 832 aansoeke waaroor die EWK in die loop van die jaar besluite geneem het.

Geen nuwe appèlle is in die maande van Mei, Junie, Augustus, Oktober en Februarie ingedien nie.

Appèlle per kwartaal:

| Kwartaal 1 | Kwartaal 2 | Kwartaal 3 | Kwartaal 4 |
|---|---|---|---|
| 1 | 3 | 2 | 5 |

'n Aanvanklike daling in die getal appèlle was 'n interessante neiging deur die loop van die jaar, aangesien strenger administratiewe beheer dit moeilik gemaak het om om op grond van die proses te appèlleer. Appèlle het tot so 'n mate afgeneem dat geen nuwe sake in die loop van die twaalf maande van 2011 aan die Minister van Kultuursake en Sport se Tribunaal voorgelê is nie.

In teenstelling hiermee was daar in die laaste helfte van 2011 en die eerste kwartaal van 2012 'n toename in die getal appèlle wat deur geregistreerde bewaringsliggame en die algemene publiek ingedien is. Dit word beskou as die gevolg van groter openbare toegang tot besluite van EWK deur middel van die Internet. 'n Soortgelyke neiging is opgemerk in die aantal openbare vertoë wat tot komitees gerig is sedert die agendas gepubliseer is.

Hierdie neigings is verwelkom, want dit stel die publiek in staat om deel te neem aan besprekings oor die toekoms van erfenishulpbronne waaraan hulle waarde heg. Dit gee ook uitvoering aan 'n belangrike aspek van die gees van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, naamlik om erfenishulpbron-owerhede in die rol van arbiter tussen gemeenskapsbelange en aansoekers te plaas.

### Hersiening van inventarisse

Gedurende die loop van die jaar is die Komitee vir Opnames en Inventarisse gevra om inventarisse van erfenishulpbronne wat deur die Swartland en Overstrand Munisipaliteite ingedien is, te hersien. Daar was ook skakeling met die Prins Albert Kultuurstigting en die Simonstad Geskiedenisvereniging oor opnames wat hulle gedoen het met die oog op die indiening van inventarisse in die toekoms.

### Bevordering van die bewaring van Erfenishulpbronne

Die HUB is genooi om oor erfenissake te praat by die algemene jaarvergaderings van Erfenis Mosselbaai, die Velddrift Erfenisstigting en Vriende van Montagu Museum. Die Assistent-Direkteur Professionele Dienste het soortgelyke toesprake gelewer by die Elim-gemeenskap en 'n argitek het 'n praatjie gelewer by 'n vergadering van verskeie organisasies by George Museum op Erfenisdag, 24 September.

Op Wêreldmonumentedag, 18 April 2012, het die EWK in vennootskap met die Worcester Museum 'n program vir leerders aangebied. Dit het gehandel oor die historiese leivore wat deur die dorp loop. Na 'n praatjie oor die erfenis van water op Worcester het die kinders papierbootjies gemaak waarmee hulle 'n resies in die voorstelsel gehou het.

Vergaderings is met die Munisipaliteite van Mosselbaai, Beaufort-Wes, Swartland, Kaapstad, Overstrand en Knysna gehou oor 'n verskeidenheid kwessies wat met erfenishulpbronne verband hou.

### Verklaring van Provinsiale Erfenisterreine

Twee nuwe provinsiale erfenisterreine, Ratelgat naby Vanrhynsdorp en De Hel Bos in Constantia, Kaapstad, is verklaar. Die gebied wat by die Weskus Fossielpark se provinsiale erfenisterrein beskerm word, is uitgebrei tot ongeveer 14 keer die vorige grootte.

Gedurende die loop van die jaar is daar begin met 'n projek om terreine in Kaapstad wat met die bevrydingstryd geassosieer word, te identifiseer en te beskerm en daar word verwag dat verskeie nuwe provinsiale erfenisterreine in hierdie kategorie in die komende jare verklaar sal word.

### Regsgedinge

EWK was 'n mede-respondent in 'n saak in verband met 'n besluit van die Ministeriële Tribunaal oor die Stellenbosch Hotel wat na die Hooggeregshof geneem is. Die organisasie het nie die aansoek teengestaan nie en die saak is na die Tribunaal terugverwys vir herprosessering.

Klagtes wat in 2012 gelê is, het betrekking op die sloping van 'n deel van 'n provinsiale erfenisterrein in Mamre. Dit is in Maart 2012 deur die Atlantis Landdroshof aangehoor. Die saak is tot April uitgestel.

Klagtes is gelê in 'n saak oor werk wat by die Klein Constantia provinsiale erfenisterrein in Paarl gedoen is. Teen die jaareinde was die saak nog nie opgelos nie.

**Raamwerke vir Bewaringsbestuur**

Die Raamwerk vir Bewaringsbestuur vir De Hel Bos se provinsiale erfenisterrein wat in die vorige boekjaar opgestel is, is deur die Raad goedgekeur.

'n Tender vir die opstel van 'n Raamwerk vir Bewaringsbestuur vir die Bobbejaanpunt provinsiale erfenisterrein is opgestel en is gereed om teen die einde van die boekjaar geadverteer te word.

### 2.1.4 Oorsig oor die Organisatoriese Omgewing

**Herassessering van Kapasiteit**

Ingevolge Artikel 8(6) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne moet die kapasiteit van provinsiale erfenishulpbronowerhede elke twee jaar deur die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap, SAEHA, geassesseer word om vas te stel of daar voldoen word aan die minimumstandaarde wat in regulasies vervat is. Gedurende die tweede kwartaal is EWK herassesseer en daar is bevind dat EWK bevoeg is op alle gebiede waarvoor daar om bevoegdheid aansoek gedoen is. Die enigste potensiële bevoegdheid wat dit tans nie hanteer nie, is Artikel 36 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 'Begraafplase en Grafte'.

**Kwartaallikse vergaderings met SAEHA**

'n Stelsel van kwartaallikse vergaderings met die nasionale erfenishulpbronowerheid, SAEHA, is sedert Julie 2011 ingestel. Gereelde vergaderings tussen senior bestuur en Raadslede van die twee organisasies gee geleentheid vir bespreking en oplossings vir probleme van gemeenskaplike belang.

Die groot gesprekspunt was die onsekerheid oor wie verantwoordelik is vir sake in verband met Graad 1-terreine wat nog nie as nasionale erfenisterreine beskerm word nie. Daar is ooreengekom dat 'n memorandum van ooreenkoms opgestel sal word om die saak op te los.

**Spitsberaad oor Provinsiale Erfenishulpbronne**

Die Minister van Kultuursake en Sport, dr. Ivan Meyer, en die EWK het op 15 Julie 2011 'n Spitsberaad oor Wes-Kaapse Erfenishulpbronne by die Provinsiale Parlement gehou. Die spitsberaad het 'n verskeidenheid belanghebbers ingesluit, waaronder munisipaliteite, bewarings- en professionele liggame en verteenwoordigers van EWK se Raad en komitees en personeel. Dit is deur meer as 80 mense bygewoon.

Onderwerpe wat bespreek is, is onder meer die tekortkominge in die implementering van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, norme, standaarde en riglyne vir erfenisbewaring, stelsels vir die identifisering en dokumentering van erfenishulpbronne, transformasieprogramme in die sektor en die rol van plaaslike regering en die burgerlike gemeenskap in erfenisbewaring.

Die spitsberaad het 'n stel uitkomste gelewer wat 'n invloed gehad het op stappe wat die EWK geneem het en nog sal neem. Die verslag van die spitsberaad is op die EWK-webtuiste beskikbaar.

**Prosedures van komitees**

Benewens die beleide wat komitees raak, soos elders in hierdie verslag uiteengesit, was die aktiwiteite van komitees ook aan hersiening onderworpe. Personeel het sedert Maart 2011, ná die bespreking van aansoeke wat deur hulle spanne gemaak is, formele vertoë tot

komitees gerig. Dit sluit af met 'n aanbeveling wat dan die basis vorm vir bespreking deur die komitee. Dit het die funksies van komitees en die tyd wat dit neem om aansoeke te oorweeg verbeter en sodoende die tydsduur van vergaderings verminder, veral die aantal kere wat vergaderings langer as 'n dag duur. Dit het ook tot 'n verlaging in die koste van vergaderings gelei.

Komiteebesluite word nou in vergaderinglokale met 'n projektor getoon eerder as wat dit ná 'n vergadering skriftelik deur die sekretaris opgeteken word. Dit stel komitees in staat om alle besluite wat geneem is, te sien en goed te keur. Dit verkort aansienlik die tydsperiode wat verloop voordat besluite aan aansoekers oorgedra kan word.

**Vestiging van 'n spanstelsel vir die organisering van personeel**

Met ingang 1 Maart 2011 was die personeel van die EWK in twee spanne georganiseer. Elke span bevat 'n vaardigheidstel wat bestaan uit 'n argitek, beplanner, argeoloog, sosiale wetenskaplike en 'n administratiewe klerk. Aansoeke wat deur individuele Erfenisbeamptes gehanteer word, word nou deur die span wat aanbevelings vir komitees formuleer, bespreek. Dit maak die benutting van 'n groter verskeidenheid vaardighede as voorheen vir die werk van die organisasie moontlik.

**Versiening van delegasies**

Die delegasie van magte aan die personeel van EWK om sekere tipe aansoeke te hanteer, is in Augustus 2011 hersien. Die delegasies aan amptenare van EWK om besluite te neem oor aansoeke en om permitte en ander Rekords van Besluite uit te reik, is onttrek en vervang met delegasies aan personeelspanne met slegs die senior bestuur wat die reg het om 'n RvB te onderteken.

Hierdie maatreëls verminder die moontlikheid vir korrupsie en stel die personeel in staat om 'n groter getal aansoeke te hanteer. Dit verskaf komitees met meer tyd om ingewikkelde aangeleenthede te oorweeg.

**Impakassesseringskomitee**

By die vergadering op 3 Augustus 2011 het die Raad besluit om die Impakassesseringshersieningskomitee te behou, hangende die implementering van die afwenteling van magte na die Stad Kaapstad. Daar word verwag dat die getal aansoeke teen daardie tyd aansienlik minder sal wees. Die naam van die komitee is na 'Impakassesseringskomitee' verander.

**Lidmaatskap van komitees**

Daar was verskeie veranderinge in lidmaatskap van komitees van die Raad:

4 Mei: Melanie Attwell is aangestel as 'n lid van die Komitee vir Beboude Omgewing en Landskappe, ná die bedanking van Ziyanda Manzana.

3 Aug.: Richard Summers is aangestel as 'n lid van die IAKom, ná die bedanking van Magnus Steenkamp.

10 Nov.: Quinton Lawson is aangestel as 'n lid van die IAKom, ná die bedanking van John Almond.

29 Febr.: Collette Scheermeyer is aangestel as 'n lid van die APM, ná die bedanking van Nonofo Nodobochani.

Vanaf 31 Maart 2012 was die lede van die Raad soos volg:

| KOMITEE | VOORSITTER | LEDE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **RAAD** | Ronèe Robinson | Mary Leslie | Laura Robinson | Stephen Townsend | Matilda Burden | Sarah Winter | Sharon De Gois |
| | | Maureen Wolters | Roger Joshua | Ziyanda Manzana | Floris Brown | Patrick Fefeza | Magnus Steenkamp |
| **UITVOERENDE KOMITEE** | Ronèe Robinson | Mary Leslie | Laura Robinson | Stephen Townsend | Matilda Burden | Sarah Winter | |
| **APPÈLLE** | Laura Robinson | Matilda Burden | Sharon De Gois | Antonia Malan | Nicolas Baumann | | |
| **KOMITEE VIR BEBOUDE OMGEWINGS EN LANDSKAPPE** | Sarah Winter | Patrick Fefeza | Maureen Wolters | Melanie Attwell | Roger Joshua | Stephen Townsend | Tim Hart |
| | | Trevor Thorold | | | | | |
| **APM** | Mary Leslie | John Almond | Dave Halkett | John Pether | Janette Deacon | Judy Sealy | Shadreck Chirikure |
| | | Colette Scheermeyer | | | | | |
| **IAKOM** | Stephen Townsend | Mary Leslie | Sharon De Gois | Quinton Lawson | Roger Joshua | Sarah Winter | Piet Louw |
| | | David Halkett | Richard Summers | David Hart | | | |
| **Komitee vir Hersiening van Verklarings** | Matilda Burden | Laura Robinson | Mary Leslie | Patrick Fefeza | | | |
| **OPNAME-HERSIENING** | Sharon De Gois | Stephen Townsend | Matilda Burden | Ziyanda Manzana | | | |
| **BEWOORDINGS EN INTERPRETASIES** | Patrick Fefeza | Floris Brown | | | | | |

### 2.1.5 Sleutelbeleidsontwikkeling en Wetgewende Veranderinge

Gedurende 2011/12 is heelwat beleidsrigtings en verwante dokumente hersien en nuwes is geskep:

'n Gedragskode en 'n stel reëls van prosedures vir vergaderings is opgestel en deur die Raad goedgekeur. Dit is later deur al die lede van die Raad en sy komitees aanvaar. Daar word beoog dat die reëls vir prosedure in die toekoms in die Provinsiale Koerant gepubliseer sal word.

Nuwe regulasies vir die registrasie van bewaringsliggame ingevolge Artikel 25(1)(b) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne is opgestel, ná twee werkwinkels met partye wat belangstel en geraak word. Die tydperk vir kommentaar oor die finale konsep het aan die einde van Maart gesluit en daar word verwag dat die regulasies in die nuwe boekjaar gepubliseer sal word.

Artikel 38 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne het verskeie uitdagings gestel ten opsigte van interpretasie. Tydens verskeie vergaderings, vanaf ongeveer in die middel van

die jaar, het die Raad en Uitvoerende Komitee die posisies van verskeie omstrede gebiede ten opsigte van Artikel 38 bespreek en opgelos. Dit is aan die publiek oorgedra, veral aan professionele persone wat in die erfenissektor werk, en dit was nuttig in die verduideliking van benaderings tot impakassessering. Op grond hiervan word daar voorgestel dat 'n regulasie opgestel word om Artikel 38 duideliker te maak.

'n Bedryfsprotokol wat norme en standaarde vir die bestuur van aansoekprosesse ingevolge Hoofstuk II van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne stel, is deur die loop van die jaar opgestel. Dit sit die stelsel, tydsraamwerke en verantwoordelikheid van personeellede vir elke stap in die verwerking van aansoeke uiteen, en verbind personeel daartoe om dit uit te voer. Die protokol word op 'n proefgrondslag geïmplementeer en sal in die nuwe jaar hersien word. Die effek daarvan was egter om 'n meer doeltreffende organisasie te skep waarbinne aansoekers relatiewe versekering het van die datums waarop antwoorde op aansoeke verwag kan word.

'n Beleid oor die aanstelling van erfenisinspekteurs is opgestel en goedgekeur, en 32 inspekteurs is daarna aangestel. Hulle is die professionele personeel en bestuur van EWK en erfenis- en omgewingsbeamptes van die Stad Kaapstad.

Identifikasiekaarte word aan erfenisinspekteurs uitgereik en aansienlike magte word aan hulle verleen om die implementering van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne te verseker. Die aanstellings wat die eerste keer gemaak word, verleen 'n baie werklike teenwoordigheid vir EWK op die grond, en daar word gehoop dat die program uitgebrei sal word om ander munisipale gebiede in te sluit.

### 2.1.6 Inkomste en Uitgawes

| **Program** | **Geouditeerde uitkomste** | | | **Geskat/ Werklik** | **Skatting van mediumtermynbesteding** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R'000 | **2009** | **2010** | **2011** | **2012** | **2013** | **2014** | **2015** |
| 1 Erfenis Wes-Kaap | 1119 | 994 | 455 | 1502 | 1528 | 1604 | 1685 |
| **Subtotaal** | **1119** | **994** | **455** | **1502** | **1528** | **1604** | **1685** |
| | | | | | | | |
| **Lopende betalings** | **1361** | **1546** | **998** | **914** | **1528** | **1604** | **1685** |
| Vergoeding van werknemers | 594 | 714 | 557 | 567 | 873 | 917 | 962 |
| Goedere en dienste waaronder: | | | | | | | |
| Kommunikasie | 0 | 19 | 10 | 0 | 58 | 63 | 66 |
| Rekenaardienste | | | | | | | |
| Konsultante, kontrakteurs en spesiale dienste | 42 | 104 | 48 | 4 | 397 | 418 | 439 |
| Inventaris | 30 | 22 | 9 | | 3 | 3. | 3 |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Instandhouding, herstelwerk en lopende kostes | | | | | | | |
| Bedryfsbruikhuur | | | | | | | |
| Reis- en verblyfkostes | 282 | 252 | 77 | 58 | 60 | 63 | 66 |
| Ouditgelde | 177 | 80 | 108 | 150 | 58 | 61 | 64 |
| Advertensies | 5 | 30 | 36 | 35 | 20 | 21 | 22 |
| Ander | 231 | 325 | 153 | 100 | 59 | 40 | 40 |
| Rente en huur vir grond | | | | | | | |
| Finansiële transaksies in bates en laste | | | | | | | |
| **Oordragte en subsidies aan:** | **–** | **–** | **–** | **–** | **–** | **–** | **–** |
| Provinsies en munisipaliteite | | | | | | | |
| Departementele agentskappe en rekeninge | | | | | | | |
| Universiteite en universiteite van tegnologie | | | | | | | |
| Openbare korporasies en private ondernemings | | | | | | | |
| Buitelandse regerings en internasionale organisasies | | | | | | | |
| Nie-winsgewende instansies | | | | | | | |
| Huishoudings | | | | | | | |
| **Betalings vir kapitaalbates** | **–** | **–** | **–** | **–** | **–** | **–** | **–** |
| Geboue en ander vaste strukture | | | | | | | |
| Masjinerie en toerusting | | | | | | | |
| Bewerkte bates | | | | | | | |
| Rekenaarprogramme en ander ontasbare bates | | | | | | | |
| Grond en ondergrondse bates | | | | | | | |
| waaronder: Gekapitaliseerde vergoeding | – | – | – | - | – | – | – |
| **Totaal** | **1361** | **1546** | **998** | **914** | **1528** | **1604** | **1685** |

## 2.2 Programprestasie

Tabel 2.1 Bereiking van strategiese doelwitte gedurende die 2011/2012-boekjaar

| Strategiese Doelwitte | Prestasie-aanduider | Teiken | Werklik | Afwyking |
|---|---|---|---|---|
| Vestiging en instandhouding van 'n geïntegreerde erfenishulpbronne-bestuurstelsel in die Wes-Kaap wat die sistematiese identifikasie, bewaring, beskerming en bevordering van erfenishulpbronne vir alle gemeenskappe en vir huidige en toekomstige geslagte sal verseker, en om goeie bestuur op alle vlakke te bevorder | Implementering van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne; via 'n aantal geskeduleerde vergaderings van die Raad, en | 8 | 7 | 1 |
| | Komitees | 56 | 54 | 2 |
| | Om 'n Jaarverslag vir Erfenis Wes-Kaap te publiseer | 1 | 1 | 0 |
| | Om die konsepdelegasies goed te keur en die implementering van 'n goedgekeurde beleid oor die delegasie van magte aan plaaslike owerhede om goeie bestuur vir erfenishulpbronne te bevorder | 1 | 0 | 1 |
| | Om opdrag te gee vir 'n opname om grense en bakens te bepaal om verklaarde provinsiale erfenisterreine te | 1 | 0 | 1 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | beskerm | | | |
| | | | | | |
| | | Om promosiemateriaal en programme te produseer om die bestuur van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap te bevorder. | 50 Produksie van EWK-wapens vir die identifisering en merk van provinsiale erfenisterreine 250 | 250 | 200 |
| | | | 3 Produksie van pamflette oor die verklaarde erfenisterreine, met 200 kopieë wat versprei is | 3 | 0 |
| | | | 2 promosie-programme 200 kopieë van elk 2 | 2 | 0 |
| | | Om bewaringsliggame te registreer om te help met die bewaring van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap | 15 | 0 | 15 |
| | | Om 'n beleid, norme en standaarde vir die bestuur van Erfenishulpbronne op te stel | 1 | 0 | 1 |

Die Jaarlikse Prestasieplan het teenstrydighede bevat as gevolg van tikfoute in afdeling 4.1. Jaarlikse Teikens vir Strategiese Doelwitte vir 2011, 4.2. Programprestasie-aanduiders en Jaarlikse Teikens en 4.3. Kwartaallikse Teikens. Die programprestasie-aanduider oor die aanstelling van 'n nuwe Raad vir EWK is nie op die 2011-12-boekjaar van toepassing nie en die teiken wat gestel word, moet dus nul wees.

## 2.3 Ander Aktiwiteite waaroor Verslag gedoen moet word

**Narratief oor Programprestasie**

**Rede vir Groot Afwykings**

Die implementering van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 25 van 1999, deur die getal geskeduleerde EWK-vergaderings

**Implementering van die wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 25 van 1999, via die getal geskeduleerde vergaderings van Erfenis Wes-Kaap se raad en sy komitees**

**Werklike vergaderings gehou**

**Raadsvergaderings**

| Vergaderings | Getal vergaderings | Getal bykomende vergaderings |
|---|---|---|
| Raad | 4 | |
| Uitvoerende Komitee | 3 | |
| | 7 | 0 |

'n Vergadering het vir langer as 'n dag geduur wanneer die agenda nie afgehandel is nie. Een stel notules is opgestel en dus was 'n 8ste vergadering nie nodig nie.

**Vergaderings van Subkomitee**

| Vergaderings | Getal vergaderings | Getal bykomende vergaderings |
|---|---|---|
| APM | 12 | 0 |
| Komitee vir Beboude Omgewing en Landskappe | 12 | 2 |
| IAKom | 12 | |
| Appèlle | 8 | 2 |
| Opname | 2 | |
| Komitee vir Hersiening van Verklarings | 2 | |
| Bobbejaanpunt | 2 | |
| Totaal | 50 | 4 |

Vergaderings is gekanselleer en ander bykomende subkomiteevergaderings is gehou.

**Publiseer 'n Jaarverslag vir Erfenis Wes-Kaap**

Die Jaarverslag is opgestel en aan die einde van Augustus 2011 by die Provinsiale Tesourie en die Staande Komitee oor Kultuursake en Sport ingehandig.

**Keur die konsepdelegasies goed en implementeer goedgekeurde beleid oor die delegering van magte na plaaslike owerhede om goeie bestuur vir Erfenishulpbronne te bevorder**

Onderhandelinge met die Stad Kaapstad het gevorder tot 'n stadium waar die Stad in Julie 2011 onderneem het om 'n konsepooreenkoms op te stel ná 'n twee-dag-werkwinkel oor die inhoud daarvan. Hierdie taak was moeiliker en meer tydrowend as wat verwag is. 'n Nie-wettige konsep is kort na die einde van die boekjaar ontvang.

Die moontlikheid van die delegering van magte na die Stad Kaapstad hou baie voordele in. Dit sal dit moontlik maak om Graad III-erfenishulpbronne te integreer en te bestuur volgens die beplanningstelsel soos beoog in die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne en dit word oral in die wêreld as die beste praktyk beskou. Dit sal ook die duplisering van dienste verwyder waar erfenisbeamptes van die Stad tans dieselfde aansoeke verwerk as dié wat deur die EWK gehanteer word. Deur die getal aansoeke wat deur EWK verwerk word te verminder, sal dit personeel kans gee om aandag te gee aan verantwoordelikhede ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne wat die organisasie nog nie ten volle kon hanteer nie.

**Om opdrag te gee vir 'n opname om die grense en bakens te bepaal om 'n verklaarde Provinsiale erfenisterrein te beskerm**

Vir hierdie doel het GPS-tegnologie die behoefte aan die aanstel van 'n landmeter tot 'n groot mate vervang en die enigste terrein wat in die loop van die boekjaar gehanteer is en wat op hierdie manier gekarteer moes word, was geskik vir die opstel van 'n kaart met behulp van GPS. Dit is verreweg die goedkoopste opsie, omdat dit deur personeel opgestel kan word en is verkies in die geval van Kasteelberg, 'n terrein op die Vredenburg Skiereiland, wat uiteindelik nie as 'n terrein verklaar is nie, vanweë besware deur die eienaar in 'n laat stadium van die proses.

**Produseer promosiemateriaal en -programme om die bestuur van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap te bevorder**

*Produksie van wapens om provinsiale erfenisterreine te merk:*
Die vorige Raad het die produksie van 'n aluminiumwapen goedgekeur. Hierdie materiaal word egter maklik gesteel en loop maklik onder vandale deur aangesien dit 'n relatief sagte metaal is. Daar is dus besluit om 'n keramiekwapen te maak in ooreenstemming met wydverspreide internasionale praktyk. Keramiek is baie goedkoper as metaalprodukte; kan maklik met behulp van teëlsement aangebring word en is nie aan diefstal onderworpe nie aangesien hulle maklik breek. Hulle kan teen relatief lae koste vervang word indien hulle gevandaliseer word of breek.

'n Aanvanklike bestelling van 250 wapens is verwerk op grond van 'n vaste prystender vir drie jaar. Wapens sal by nuut verklaarde terreine en bestaande provinsiale erfenisterreine aangebring word namate hulle ingevolge huidige wetgewing nodig word.

Die Raad het verder besluit om eienaars toe te laat om die ou bronswapens van nasionale monumente te behou indien hulle dit graag wou doen.

**Produksie van pamflette oor die verklaarde erfenisterreine met 200 afskrifte wat versprei is**:
Die volgende drie pamflette is deur die loop van die jaar geproduseer:

- Slawegedenktekens in die WK
- Die herstel van pleisterwerk aan ou geboue
- Erfenis Wes-Kaap: Funksies en Komitees

Benewens die bogenoemde en in samewerking met die program vir Wêreldmonumentedag wat op 18 April 2011 in Worcester gehou is, is 'n pamflet oor die watervore van die dorp saamgestel.

**Promosieprogramme, 200 afskrifte elk**:

'n Program is gereël om die bevryding van slawe op 1 Desember 1834 te gedenk. Geleenthede is gereël by Pniël, Elim en die terrein van die Slaweboom in Spinstraat, Kaapstad. Benewens hierdie gebeurtenisse is kerke, skole en ander instansies aangemoedig om hulle klokke om 12:00 te lui. Daar word gehoop dat hierdie vorm van herdenking 'n jaarlikse gebeurtenis sal word waarby al hoe meer instansies betrokke sal raak.

Op 3 Desember 2011 is 'n werksessie vir verteenwoordigers van die Griekwa-gemeenskap by Ratelgat gehou nadat dit as 'n provinsiale erfenisterrein verklaar is. Die gebeurtenis het gefokus op die terrein se belangrikheid en die bewaring daarvan ingevolge die bepalings van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne. Die gebeurtenis het op die terrein op die plaas Luiperdskop naby Vanrhynsdorp plaasgevind.

**Registreer bewaringsliggame om te help met die bewaring van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap**

Deur die loop van die jaar is nuwe en meer omvattende regulasies in verband met die registrasie van bewaringsliggame ontwikkel deur middel van 'n proses van konsultasie met sodanige liggame, insluitend twee werksessies en die sirkulering van verskeie konsepdokumente. Teen die einde van die boekjaar was die konsepregulasies gereed vir verwysing na die regsadviseurs ná 'n finale rondte van oorlegpleging wat in Maart geëindig het.

Daar is besluit om nie die registrasie van nuwe liggame ingevolge die huidige regulasies te oorweeg nie. 'n Stelsel wat aansienlik verskil, word ingevolge die nuwe regulasies in die vooruitsig gestel en liggame sal die proses moet volg wanneer die nuwe regulasie gepubliseer word.

Nietemin het sewe organisasies registrasie versoek en gegewe die omstandighede is hulle gehanteer asof hulle geregistreer is. Hierdie organisasies is:

- Belvedere Burgerlike Vereniging
- Bo-Kaap Burgerlike Vereniging
- Bloubergstrand Inwonersvereniging
- Stadskombelastingbetalers- en inwonersvereniging
- Ou Wynberg Erfenisvereniging
- Volksboukundige Vereniging van Suid-Afrika
- Victoria en Alfred Marina Residensiële Huiseienaarsvereniging

**Konsepbeleid, norme en standaarde vir die bestuur van erfenishulpbronne**

Die meeste lande of provinsies met geloofwaardige erfenishulpbronprogramme het norme en standaarde vir die bestuur van erfenisterreine. EWK wil graag so 'n dokument opstel en in Julie 2011 is die saak by die Wes-Kaapse Erfenisspitsberaad bespreek. Daar is egter geen presedent in Suid-Afrika vir die opstel van sodanige norme en standaarde nie en daar is besef dat internasionale hulp nodig sal wees om sukses te verseker. Aangesien daar nie daarvoor begroot is nie, is pogings deur die kantore van die Minister van Kultuursake, Sport en Ontspanning aangewend om befondsing van 'n buitelandse regering te kry om die ondersteuning van 'n internasionale spesialis te bekom.

# 3 FINANSIËLE JAARSTATE

## 3.1 VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE

Dit is vir ons 'n plesier om ons verslag vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2012 voor te lê.

### Lede van die Ouditkomitee en Bywoning

Ingevolge Kabinetsbesluit 55/2007 word Erfenis Wes-Kaap deur die Maatskaplike Groepouditkomitee bedien. Die Ouditkomitee bestaan uit die lede wat hier onder opgenoem word en moet minstens 4 keer per jaar vergader, volgens die goedgekeurde opdrag. Sewe vergaderings is gedurende die huidige jaar gehou

| Naam van Lid | Getal Vergaderings Bygewoon |
|---|---|
| Mnr. R Kingwill (Voorsitter) | 7 |
| Mnr. Z Hoosain | 7 |
| Mnr. L van der Merwe | 6 |
| Adv. M Mdludlu (Kontrak het op 31 Desember 2011 verstryk) | 6 |
| Me. A Jones (Kontrak het op 31 Desember 2011 verstryk) | 5 |
| Mnr. M Burton (Op 1 Januarie 2012 aangestel) | 1 |

Verskonings is aangebied en aanvaar vir vergaderings wat nie bygewoon is nie. 'n Kworum van lede was by alle vergaderings teenwoordig.

### Verantwoordelikheid van die Ouditkomitee

Die Ouditkomitee doen verslag dat hulle die verantwoordelikhede wat voorspruit uit **artikel 51(1) (a) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en Tesourieregulasie 27.1** nagekom het. Die Ouditkomitee doen ook verslag dat hulle gepaste formele opdragte as hulle Ouditkomiteehandves aanvaar het, dat hulle hul sake gereël het in ooreenstemming met hierdie handves en dat hulle alle verantwoordelikhede wat daarin vervat is, nagekom het.

### Die Doeltreffendheid van Interne Beheer

In ooreenstemming met die vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en die King III Verslag oor Korporatiewe Bestuur, gee Interne Oudit versekering aan die Ouditkomitee en Bestuur dat die interne kontroles voldoende en doeltreffend is. Dit word bereik deur 'n risikogebaseerde Interne Ouditplan, Interne Oudit wat die toereikendheid van kontrole wat risiko verminder assesseer en die Ouditkomitee wat die implementering van die bestuur se korrektiewe aksie monitor.

Ons het die verslae van die Interne Ouditeurs, die Ouditverslag oor die Finansiële Jaarstate en die Bestuursverslag van die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika nagegaan. Buiten die kwessies wat in die Ouditeur-Generaal se Oudit- en Bestuursverslae weerspieël word en die kwessies wat hier onder beklemtoon word, is geen wesentlike tekortkominge in die stelsel van interne kontrole opgemerk nie.

**Gebiede wat vir verbetering deur die Interne Oudit uitgelig is**

Sleuteltekorte in beheer is gedurende die jaar deur Interne Oudit op die volgende gebiede opgemerk:

- Programprestasie

  Die bestuur het ooreenkom oor korrektiewe aksies en dit word deur die Ouditkomitee gemonitor.

**Doeltreffendheid en doelmatigheid van risikobestuur**

Ondernemingsrisikobestuur vir die entiteit word steeds deur die Departement Kultuursake en Sport aangedryf.

**Die gehalte van In-Jaar-Bestuurs- en Kwartaalverslae wat ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en die Wet op die Verdeling van Inkomste ingedien is**

Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van kwartaalverslae wat gedurende die oorsigjaar deur die Rekenpligtige Gesag van die entiteit opgestel en uitgereik is.

**Evaluasie van Finansiële State**

Die Ouditkomitee het:

- die geouditeerde Finansiële Jaarstate wat by die Jaarverslag ingesluit moet word, saam met die Ouditeur-Generaal en die Rekenpligtige Beampte hersien en bespreek;
- die Ouditeur-Generaal se Bestuursverslag en die bestuur se reaksie daarop hersien;
- veranderinge aan rekeningkundige beleide en praktyke, soos gemeld in die Finansiële Jaarstate, hersien;
- die entiteit se proses vir die nakoming van wetlike en regulerende bepalings hersien;
- die inligting oor vooraf bepaalde doelwitte, soos gemeld in die jaarverslag, hersien;
- die tussentydse finansiële state, soos aangebied deur die Entiteit vir die ses maande eindigend 30 September 2011, hersien en waar van toepassing veranderinge aanbeveel; en
- het aansuiwerings wat uit die oudit voortgespruit het, hersien.

Die Ouditkomitee stem saam met die Ouditeur-Generaal se mening oor die Finansiële Jaarstate en aanvaar dit, en stel voor dat die geouditeerde Finansiële Jaarstate aanvaar word en saam met die verslag van die Ouditeur-Generaal gelees word.

**Interne Oudit**

Die Ouditkomitee doen verslag dat die Entiteit deur die Departement van Kultuursake en Sport bedien word en dat die tekortkominge in interne kontrole op departementele vlak aangemeld word.

**Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika**

Die Ouditkomitee het met die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika vergader om seker te maak dat daar geen onopgeloste kwessies is wat uit die regulerende oudit voortspruit nie. Korrektiewe stappe oor die gedetailleerde bevindinge wat uit die huidige regulatoriese oudit voortspruit, sal op 'n kwartaallikse basis deur die Ouditkomitee gemonitor word.

**Waardering**

Die Ouditkomitee wil graag sy waardering teenoor die amptenare van die Departement, die Ouditeur-Generaal Suid-Afrika en die Interne Ouditeenheid uitspreek vir die samewerking en inligting wat hulle verskaf het om ons in staat te stel om hierdie verslag op te stel.



Voorsitter van die Maatskaplike Kluster-ouditkomitee
Datum: 14 Augustus 2012

## 3.2 Verslag van die Rekenpligtige Gesag

### Die Bestuursverslag

Verslag deur die Rekenpligtige Gesag aan die Wes-Kaapse Parlement.

### Algemene oorsig oor die stand van sake

Die jaar geëindig 31 Maart 2012 was die negende volle jaar van aktiwiteite sedert die instelling van Erfenis Wes-Kaap in Oktober 2002.

### Dienste gelewer deur die Openbare Entiteit

Op grond van sy strategiese doelwitte, het Erfenis Wes-Kaap gedurende die boekjaar 'n wye reeks aksies onderneem wat soos volg gekategoriseer kan word:

- Adviseer die Minister oor die implementering van die Wet en verwante nasionale provinsiale en plaaslike wetgewing
- Bevorder goeie beheer vir erfenishulpbronbestuur op provinsiale en plaaslike vlak
- Beskerm en bestuur erfenishulpbronne in die Wes-Kaap
- Bemagtig en moedig gemeenskappe en burgerlike gemeenskappe aan om hulle erfenishulpbronne te koester en te bewaar sodat hulle dit aan toekomstige geslagte kan nalaat
- Bevorder, koördineer en monitor die sistematiese identifisering, opteken en assessering van provinsiale en plaaslike erfenishulpbronne
- Bepaal norme en standaarde en neem stappe vir die instandhouding en bestuur van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap
- Stel die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap in kennis van die teenwoordigheid van potensiële Graad 1-erfenishulpbronne en nomineer sodanige hulpbronne
- Ontwikkel beleid oor die bevordering en bestuur van provinsiale erfenishulpbronne
- Hou databasisse oor erfenishulpbronne in stand

Elkeen van hierdie strategiese doelwitte is gekoppel aan die vele magte en pligte wat in die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, vir die EWK uiteengesit word. Die regsimplikasies van hierdie magte en pligte, veral die formele beskerming van erfenishulpbronne, is belangrik en dus is EWK versigtig wanneer die beskerming van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap gehanteer word.
'n Gedetailleerde verslag oor die EWK se aktiwiteite word ingesluit by die afdeling Programinligting (kyk 2 in die Jaarverslag).

### Tariefbeleid

Erfenis Wes-Kaap het nie enige tariewe gedurende die 2011/2012-boekjaar verander nie, hoewel hulle ingevolge artikel 48(1) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999) en Regulasie 2 van Provinsiale Kennisgewing 298, gedateer 29 Augustus 2003 en gepubliseer in Provinsiale Koerant 6061, gedateer 29 Augustus 2003, die opsie het om aansoekfooie vir permitte vas te stel. As gevolg van kapasiteitsbeperkings het die EWK nog nie 'n tariefbeleid vir hulle dienste oorweeg nie.

**Kapasiteitsbeperkings**

Die bestuur van erfenishulpbronne word as 'n skaars vaardigheid beskou en dus is daar van tyd tot tyd uitdagings ten opsigte van die werwing en behoud van kandidate met die geskikte kwalifikasies vir die poste.

**Benutting van skenkerfondse**

Nie van toepassing nie.

**Besigheidsadres**

Erfenis Wes-Kaap se geregistreerde besigheidsadres is:
Protea Assuransiegebou
Groentemarkplein
KAAPSTAD
8000

**Beheerde entiteite en Openbare Entiteite**
Nie van toepassing nie.

**Ander organisasies waarheen oordragbetalings gemaak is**
Geen oordragbetalings is gedurende die 2011/2012-boekjaar deur Erfenis Wes-Kaap aan ander organisasies gemaak nie.

**Openbare-private-vennootskappe**
Nie van toepassing nie.

## Reëlings vir Korporatiewe Bestuur

### Bedrog en Risikobestuur

Die Entiteit het 'n aktiewe Komitee vir Bedrog- en Risikobestuur, wat verteenwoordigend is van al die Senior Bestuurders van die Entiteit. Die Bedrogvoorkomingsplan is hersien en deur die Minister goedgekeur. Veldtogte vir bewusmaking van bedrog, diefstal en korrupsie is aangepak om die begrip en bewustheid van bedrog, diefstal en korrupsie te bevorder. Alle werknemers het 'n gedragskode onderteken wat op 'n deurlopende basis afgedwing word.

Ondernemingsrisikobestuur is provinsiaal binne die Departement van die Premier gesentraliseer. Die Provinsiale Risikobestuurseenheid het die Departement bygestaan met fasilitering in verband met die hersiening en bywerking van die risikoregister. 'n Implementeringsplan is saam met die Provinsiale Risikobestuurseenheid onderteken om te verseker dat risiko's deurlopend bestuur en verminder word.

### Interne Oudit en Ouditkomitee

Die aktiwiteite van die Entiteit word noukeurig deurgegaan deur die Gedeelde Ouditkomitee vir die Sosiale Kluster van die Provinsie. Die komitee het die interne ouditplan vir die 2011/12-boekjaar goedgekeur. Al die beplande interne oudits is vir die oorsigtydperk gedoen. Die interne ouditdekking is op die Departement se strategiese risikoregister gebaseer.

Die Entiteit het 'n effektiewe Ouditkomitee gehad wat ingevolge 'n goedgekeurde verwysingsraamwerk gefunksioneer het. Die komitee het by verskeie geleenthede gedurende die loop van die boekjaar vergader om die doeltreffendheid van interne kontrolestelsels, die interne ouditfunksie en die risikogebiede van die Departement te hersien.

### Interne Kontrole

Dit is die verantwoordelikheid van die rekenpligtige beampte om interne kontroles deurlopend te assesseer en te evalueer om seker te maak dat die kontrole-aktiwiteite wat in plek is doeltreffend, doelmatig en deursigtig is en dat dit bygewerk word wanneer nodig. Om dit te bereik, is kwartaallikse sleutelkontrolevergaderings met die Ouditeur-Generaal, Programbestuurders van die Entiteit en die Minister gehou. Dit is 'n deurlopende proses om seker te maak dat die Entiteit skoon oudits kry.

### Rampherstel- en Besigheidskontinuïteitsplanne

Rampherstel- en Besigheidskontinuïteitsplanne is vir alle kantore van die Departement Kultuursake en Sport opgestel en goedgekeur om 'n raamwerk te gee van die algemene prosedures wat gevolg moet word in die geval van 'n ernstige ontwrigting (of die hantering daarvan) wat die bedrywighede van die Departement raak.

### Verantwoordelikhede van Rekenpligtige Beamptes

Die Entiteit het beleid en prosedures geïmplementeer om die Rekenpligtige Beampte te help om Artikel 38, 39 en 40 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur na te kom. Met betrekking tot oordragbetalings het die Rekenpligtige Beampte seker gemaak dat artikel 38(1) (j) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur nagekom word voor fondse oorgedra is.

### Gestaakte aktiwiteite / Aktiwiteite wat gestaak gaan word

Geen dienste of aktiwiteite is gedurende die boekjaar gestaak nie.

**Nuwe/Voorgestelde Aktiwiteite**
Die Raad van Erfenis Wes-Kaap het in Julie 2011 vergader om die Jaarlikse Prestasieplan vir 2011/2012 te bespreek. Die Jaarlikse Prestasieplan vir 2011/2012 is via die Rekenpligtige Beampte van die Departement van Kultuursake en Sport by die Uitvoerende Owerheid ingedien vir goedkeuring.

**Gebeurtenisse na die Balansstaatdatum**
Geen

**Prestasie-inligting**
Die prestasie-inligting word verskaf in Afdeling 2 van die Jaarverslag.

**SKOOR-Besluite**

| Agtergrond en SKOOR-kwessies | SKOOR-aanbeveling | Stappe tot op datum geneem om aandag te gee aan besluite |
|---|---|---|
| | **1.1 Die Komitee het die volgende kwessies geopper:** | |
| | (a) Die Komitee het sy teleurstelling uitgespreek oor die regressie van die Entiteit van 'n finansieel ongekwalifiseerde ouditmening sonder enige bevindinge oor vooraf bepaalde doelwitte en nakoming van wette en regulasies, tot 'n finansieel ongekwalifiseerde ouditmening met bevindinge oor vooraf bepaalde doelwitte en nakoming van wette en regulasies. | Die regressie was die gevolg van die nie-nakoming van 'n Praktyknota waardeur Toekennings gemaak is aan verskaffers wat nie 'n verklaring ingehandig het, oor of hulle in diens van die Staat is of 'n verbintenis het met enige persoon wat in diens van die Staat is nie. Die Departement kom die Praktyknota nou ten volle na. |
| | (b) Die Komitee het sy kommer uitgespreek dat 'n gepaste rampplan vir die ISA nie in plek was nie. Die wysigings tot die meestersléer is nie deur die gepaste bestuursvlak goedgekeur nie. Verifiëringsprosedures was nie in plek om seker te maak dat die veranderinge korrek en in ooreenstemming met insetvorms aangebring word nie. | As deel van die MTUR-prosesse is 'n beleidsopsie vir addisionele fondse by die Provinsiale Tesourie ingedien deur die Departement van die Premier, die bewaarder van die Interne Ouditfunksie. Dit is nie goedgekeur nie en geen addisionele fondse is ontvang nie. Die Hoofdirektoraat probeer weer om bykomende fondse te kry om kapasiteit aan die Interne Ouditfunksie te verleen. |
| | Die Komitee gee erkenning aan die Entiteit vir die verkryging van die finansieel ongekwalifiseerde ouditmening met bevindinge oor vooraf bepaalde doelwitte en/of nakoming van wette en regulasies. | |

**Goedkeuring**
Die Finansiële Jaarstate wat op die bladsye uiteengesit word, is deur die Rekenpligtige Gesag goedgekeur.

Mnr. Andrew Hall
**HOOF-UITVOERENDE BEAMPTE EN REKENPLIGTIGE GESAG**
**ERFENIS WES-KAAP**

## 3.3 Verslag van die Ouditeur-Generaal aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement oor Erfenis Wes-Kaap

### Verslag oor die Finansiële State

### Inleiding

1. Ek het die finansiële state van Erfenis Wes-Kaap, wat op bladsy 36 tot 52 uiteengesit word, bestaande uit die Staat van Finansiële Posisie soos op 31 Maart 2012, die Staat van Finansiële Prestasie, Staat van Veranderinge in Netto Bates en die Kontantvloeistaat vir die jaar toe geëindig, en die notas, wat bestaan uit ŉ opsomming van belangrike rekeningekundige beleide en ander verduidelikende inligting, geoudit.

### Rekenpligtige Gesag se verantwoordelikheid vir finansiële state

2. Die Rekenpligtige Gesag is verantwoordelik vir die voorbereiding en billike aanbieding van hierdie finansiële state in ooreenstemming met Suid-Afrika se Standaarde vir Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (SA Standaarde vir AERP), die vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur van Suid-Afrika, 1999 (Wet 1 van 1999) en regulasie 3(2) van die Regulasies van die Provinsiale Erfenishulpbronowerheid, 2002 (Provinsiale Kennisgewing 336 van 2002) (Regulasies) en vir sodanige interne beheer as wat die Rekenpligtige Gesag as nodig bepaal om die voorbereiding van finansiële state wat vry is van wesentlike wanvoorstelling, ongeag of dit as gevolg van bedrog of ŉ fout is, moontlik te maak.

### Verantwoordelikheid van die Ouditeur-Generaal

3. Dit is my verantwoordelikheid om op grond van my oudit ŉ mening oor hierdie finansiële state uit te spreek. Ek het my oudit gedoen in ooreenstemming met die Wet op Openbare Oudit van Suid-Afrika, 2004 (Wet 25 van 2004), die *Algemene Kennisgewing* wat ingevolge daarvan uitgereik is, en Internasionale Standaarde oor Oudit. Daardie standaarde vereis dat ek aan etiese vereistes moet voldoen en dat ek die oudit moet beplan en uitvoer om redelike sekerheid te kry of die finansiële state van wesentlike wanvoorstelling vry is.

4. ŉ Oudit behels die uitvoering van prosedures om ouditbewys te kry oor die bedrae en openbaarmakings in die finansiële state. Die prosedures wat gekies word, hang af van die ouditeur se oordeel, insluitend die assessering van die risiko's van wesentlike wanvoorstelling van die finansiële state, ongeag of dit weens bedrog of ŉ fout is. In die uitvoer van daardie risiko-assesserings oorweeg die ouditeur interne kontrole wat op die entiteit se voorbereiding en billike voorlegging van die finansiële state van toepassing is ten einde ouditprosedures te ontwerp wat gepas is onder die omstandighede, maar nie vir die doel om ŉ mening uit te spreek oor die doeltreffendheid van rekeningkundebeleide wat gebruik is nie en die redelikheid van rekeningkundige skattings wat deur die bestuur gemaak is nie, sowel as die evaluering van die algemene aanbieding van die finansiële state.

5. Ek is oortuig dat die ouditbewys wat ek verkry het, voldoende en gepas is om ŉ basis vir my ouditmening te verskaf.

### Mening

6. Na my mening verteenwoordig die finansiële state, in alle wesenlike aspekte, 'n billike weergawe van die finansiële posisie van Erfenis Wes-Kaap soos op 31 Maart 2012, en die finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar toe geëindig, in ooreenstemming met die SA Standaarde van AERP en die vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en die Regulasies.

**Beklemtoning van saak**

7. Ek vestig aandag op die saak hier onder. My mening ten opsigte van hierdie aangeleentheid het nie verander nie.

**Heraangee van ooreenstemmende syfers**

8. Soos openbaar gemaak in nota 12 by die finansiële state, is die ooreenstemmende syfers vir 31 Maart 2011 heraangegee as gevolg van foute wat gedurende die 2011-12-boekjaar in die finansiële state van Erfenis Wes-Kaap ontdek is by en vir die jaar geëindig 31 Maart 2011.

**Verslag oor ander regs- en regulatoriese vereistes**

9. In ooreenstemming met die Wet op Openbare Oudit en die *Algemene Kennisgewing* wat ingevolge daarvan uitgereik is, doen ek verslag oor die volgende bevindinge met betrekking tot prestasie teenoor vooraf bepaalde doelwitte, nakoming van wette en regulasies, en interne beheer, maar nie vir die doel om 'n mening uit te spreek nie.

**Vooraf bepaalde doelwitte**

10. Ek het prosedures uitgevoer om bewys te kry oor die nuttigheid en betroubaarheid van die inligting in die jaarlikse prestasieverslag, soos uiteengesit op bladsy 20 tot 24 van die jaarverslag.

11. Die prestasie waaroor verslag gedoen is teenoor vooraf bepaalde doelwitte, is geëvalueer teen die algemene kriteria van nuttigheid en betroubaarheid. Die nut van inligting in die jaarlikse prestasieverslag hou verband met of dit aangebied word in ooreenstemming met die Nasionale Tesourie se beginsels oor jaarverslae en of die prestasie waaroor verslag gedoen is, in ooreenstemming is met die beplande doelwitte. Die nut van inligting hou verder verband met of aanduiders en teikens meetbaar is (d.w.s. goed gedefinieer, verifieerbaar, spesifiek, meetbaar en tydsgebonde is) en relevant is soos vereis deur die Nasionale Tesourie se Raamwerk vir die bestuur van programprestasie-inligting.

    Die betroubaarheid van die inligting ten opsigte van die geselekteerde doelwitte word geassesseer om te bepaal of dit die feite voldoende weerspieël (d.w.s. of dit geldig, akkuraat en volledig is).

12. Daar was geen wesentlike bevindinge oor die jaarlikse prestasieverslag oor die nut en betroubaarheid van die inligting nie.

**Addisionele aangeleentheid**

13. Hoewel geen wesentlike bevindinge oor die nut en betroubaarheid van die prestasie-inligting in die jaarlikse prestasieverslag geïdentifiseer is nie, vestig ek die aandag op die aangeleentheid hier onder:

**Bereiking van beplande teikens**

14. Van die totale aantal beplande teikens is net vier gedurende die oorsigjaar bereik. Dit verteenwoordig 60% van die beplande teikens wat nie gedurende die oorsigjaar bereik is nie.

15. Dit was hoofsaaklik die gevolg van die feit dat bedryfsveranderinge meegebring het dat 'n aantal vergaderings, nie dieselfde as dié wat beplan was, noodsaaklik was. Die ontoeganklikheid van inligting wat nodig was om beleidsrigtings op te stel, het ook 'n impak op die prestasies gehad. Een aanduider was oortollig toe 'n beter alternatief vir die bereiking van die doelwit beskikbaar geword het, terwyl daar vir ander besluit is om

die proses te vertraag as gevolg van 'n moontlike toekomstige verandering in regulasies.

**Nakoming van wette en regulasies**

16. Ek het prosedures uitgevoer om bewys te vind dat die entiteit aan die toepaslike wetgewing en regulasies ten opsigte van finansiële aangeleenthede, finansiële bestuur en ander verwante aangeleenthede voldoen het.

17. Ek het nie enige gevalle van wesenlike nie-nakoming van spesifieke sake in belangrike wette en regulasies wat van toepassing is, soos uiteengesit in *Algemene Kennisgewing* ingevolge die Wet op Openbare Oudit, geïdentifiseer nie.

18. Ek het interne beheer wat relevant is vir my oudit van die finansiële state, jaarlikse prestasieverslag en nakoming van wette en regulasies oorweeg.

**Interne kontrole**

19. Ek het nie enige tekortkominge in die interne kontrole geïdentifiseer wat as belangrik genoeg geag word om by hierdie verslag in te sluit nie.

Auditor - General

Kaapstad

31 Julie 2012

AUDITOR-GENERAL
SOUTH AFRICA

*Auditing to build public confidence*

## STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE soos op 31 Maart 2012

| Syfers in Rand | ***Notas*** | **2012 R'000** | 2011 R'000 |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| ***Bedryfsbates*** | | | |
| Handels- en ander bedrae ontvangbaar | 2 | **31** | - |
| Kontant en kontantekwivalente | 3 | **1,239** | 714 |
| **TOTALE BATES** | | **1,270** | 714 |
| **LASTE** | | | |
| **Bedryfslaste** | | | |
| Handels- en ander bedrae betaalbaar | 4 | **22** | 54 |
| **TOTALE LASTE** | | **22** | 54 |
| **NETTO BATES** | | | |
| Opgelope surplus | | **1,248** | 660 |
| **TOTALE NETTO BATES** | | **1,270** | 714 |

**ERFENIS WES-KAAP**
**FINANSIËLE JAARSTAAT**
**Vir die jaar geëindig Maart 2012**

**STAAT VAN FINANSIËLE PRESTASIE vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

| Syfers in Rand | *Notas* | **2012 R'000** | 2011 R'000 |
|---|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | | |
| Oordragte en subsidies ontvang | 5 | **1,380** | 400 |
| Ander bedryfsinkomste | 5 | **75** | - |
| Rente-inkomste | 5 | **47** | 55 |
| **TOTALE INKOMSTE** | | **1,502** | 455 |
| **UITGAWES** | | | |
| Ledegelde | 9 | **(567)** | (557) |
| Administratiewe uitgawes | 8 | **(56)** | (72) |
| Ouditgelde | 6 | **(150)** | (99) |
| Ander bedryfsuitgawes | 10 | **(141)** | (263) |
| **TOTALE UITGAWE** | | **(914)** | (991) |
| **SURPLUS/(TEKORT) VIR DIE JAAR** | | **588** | (536) |

**STAAT VAN VERANDERINGE IN NETTO BATES vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

| Syfers in Rand | **Opgelope surplus R'000** | Totale Netto bates R'000 |
|---|---|---|
| **Saldo op 1 April 2010** | **1,203** | 1,203 |
| Regstelling van fout | **(7)** | (7) |
| **Soos heraangegee** | **1,196** | 1,196 |
| Tekort vir die jaar | **(536)** | (536) |
| **Totale veranderinge** | **(536)** | (536) |
| **Saldo op 01 April 2011** | **660** | 660 |
| Surplus vir die jaar | **588** | 588 |
| **Totale veranderinge** | **588** | 588 |
| **Saldo op 31 Maart 2012** | **1,248** | 1,248 |

## KONTANTVLOEISTAAT vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

| Syfers in Rand | *Notas* | **2012 R'000** | 2011 R'000 |
| --- | --- | --- | --- |
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | | |
| Kontant ontvang | | **1,424** | 400 |
| Kontant betaal aan leweransiers en werknemers | | **(946)** | (1,005) |
| Kontant gegenereer/(gebruik) in bedrywighede | 7 | **478** | (605) |
| Rente ontvang | | **47** | 55 |
| Netto kontantinvloei/(uitvloei) uit bedryfsaktiwiteite | | **525** | (550) |
| **Netto verhoging/(daling) in kontant en kontantekwivalente** | | **525** | (550) |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar | | **714** | 1,264 |
| **Totale kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar** | 2 | **1,239** | 714 |

**NOTAS BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE**
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2012**

## 1. REKENINGKUNDIGE BELEIDE

### 1.1 Aanbieding van Finansiële State

Die finansiële state is opgestel in ooreenstemming met die volgende beleide, wat in alle wesenlike aspekte konsekwent toegepas is, tensy anders aangedui. Waar gepas en sinvol, is bykomende inligting egter geopenbaar om die nut van die Finansiële State te vergroot en om te voldoen aan die statutêre vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999 (soos gewysig deur Wet 29 van 1999), en die Tesourieregulasies wat ingevolge die Wet uitgereik is.

### 1.1.1 Basis van voorbereiding

Die finansiële state is opgestel in ooreenstemming met die effektiewe standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP), insluitend enige interpretasies, riglyne en voorskrifte wat deur die Raad vir Rekeningkundige Standaarde uitgereik is.

Die finansiële state is opgestel ingevolge die historiese kostekonvensie, buiten soos openbaargemaak in die rekeningkundige beleide hier onder. Die rekeningkundige beleide wat hier onder uiteengesit is, is konsekwent toegepas op al die jare wat in hierdie finansiële state aangebied word, tensy anders genoem. Die standaarde van die Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk wat op die entiteit van toepassing is en aanvaar word, is soos volg:

| AERP No. | Beskrywing | AERP No. | Beskrywing |
|---|---|---|---|
| **AERP 1** | Aanbieding van Finansiële State | **AERP 11** | Konstruksiekontrakte (soos hersien in 2010) |
| **AERP 2** | Kontantvloeistate | **AERP 12** | Inventarisse (soos hersien in 2010) |
| **AERP 3** | Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Skattings en Foute | **AERP 13** | Bruikhuur (soos hersien) |
| **AERP 4** | Die effekte van Veranderinge in Buitelandse Valutakoerse | **AERP 14** | Gebeure ná die Verslagdatum |
| **AERP 5** | Leenkostes | **AERP 16** | Beleggingseiendom (soos hersien in 2010) |
| **AERP 6** | Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State | **AERP 17** | Eiendom, Aanleg en Toerusting |
| **AERP 7** | Beleggings in Verwante Liggame | **AERP 19** | Bepalings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Moontlike Bates |
| **AERP 8** | Belange in Gesamentlike Ondernemings | **AERP 100** | Nie-bedryfsbates wat gehou word vir verkoop en gestaakte bedrywighede (soos hersien in 2010) |
| **AERP 9** | Inkomste uit Ruiltransaksies | **AERP 101** | Landbou |
| **AERP 10** | Finansiële Verslagdoening in Hiperinflasionêre Ekonomieë (soos hersien in 2010) | **AERP 102** | Nie-tasbare Bates |

Rekeningkundige beleide vir wesentlike transaksies, gebeure of toestande wat nie gedek word deur die standaarde wat deur die Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk aanvaar word nie, is opgestel in ooreenstemming met paragraaf 7, 11 en 12 van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk 3. Hierdie rekeningkundige beleidsrigtings en die toepaslike openbaarmakings is gebaseer op Internasionale Rekeningkundige Standaarde in die Openbare Sektor (IRSAS) en die Suid-Afrikaanse Verklarings van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyke (AARP), insluitend enige interpretasies van sodanige Verklarings wat deur die Raad vir Rekeningkundige Praktyke uitgereik is.

Die voorbereiding van finansiële state in ooreenstemming met AERP vereis dat die bestuur oordele maak, skattings doen en aannames maak wat 'n invloed het op die toepassing van beleidsrigtings en bedrae van bates en laste, inkomste en uitgawes waaroor verslag gedoen is.

Die skattings en aannames word gebaseer op ondervinding van die verlede en verskeie ander faktore wat as redelik beskou word onder die omstandighede en waarvan die gevolge die basis vorm vir die maak van uitsprake oor die drawaardes van bates en laste wat nie geredelik duidelik is uit ander bronne nie. Werklike resultate kan verskil van hierdie skattings. Die skattings en onderliggende aannames word deurlopend hersien. Hersienings van rekeningkundige skattings word erken in die jaar waarin die skatting hersien word, indien die hersiening slegs op daardie jaar van toepassing is of in die jaar van die hersiening en toekomstige jare, indien die hersiening die huidige jaar sowel as toekomstige jare raak.

### 1.2.1 Standaarde wat nog nie geld vir die verslagtydperk nie

Standaarde van AERP wat vroeg aanvaar kan word:

| | |
|---|---|
| **AERP 21** | Verswakking van bates wat nie kontant genereer nie |
| **AERP 23 *** | Inkomste uit nie-valutatransaksies (belastings en oordragte) |
| **AERP 24** | Aanbied van begrotingsinligting en Finansiële State |
| **AERP 26** | Verswakking van bates wat kontant genereer |
| **AERP 103** | Erfenisbates |

***AERP 23 is vroeg aanvaar.**

Standaarde van AERP wat in die ontwikkeling van rekeningkundige beleid gebruik kan word:

| | |
|---|---|
| **AERP 25** | Werknemersvoordele |
| **AERP 104** | Finansiële Instrumente |
| **AERP 105** | Oordragte van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer |
| **AERP 106** | Oordragte van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer |
| **AERP 107** | Samesmeltings |

Goedgekeurde Standaarde van AERP waaraan entiteite nie hoef te voldoen nie:

- **AERP 18:** Segmentverslaggewing

Die bestuur antisipeer dat die impak van die implementering van hierdie standaarde nie enige wesentlike impak op die entiteit sal hê nie.

**1.1.3** Die kontantvloeistaat kan slegs in ooreenstemming met die direkte metode opgestel word.

**1.1.4** Spesifieke inligting is afsonderlik op die staat van posisie aangedui, byvoorbeeld:
(a) ontvangbare rekenings van nie-valutatransaksies, insluitend belastings en oordragte;
(b) belastings en oordragte betaalbaar;
(c) handels- en ander bedrae betaalbaar uit nie-valutatransaksies.

**1. 2 Geldeenheid van aanbieding**

Die funksionele geldeenheid van die entiteit is Suid-Afrikaanse Rand. Hierdie finansiële jaarstate word in Suid-Afrikaanse Rand verstrek. Alle bedrae is tot die naaste duisend (1000) Rand afgerond.

**1.3 Aanname van lopende onderneming**

Hierdie finansiële jaarstate word op die basis van 'n lopende onderneming opgestel.

**1.4 Buitelandse geldeenhede**

Transaksies in buitelandse geldeenhede word omgeskakel teen die wisselkoers wat op die datum van die transaksie gegeld het. Monetêre items in buitelandse geldeenhede word teen die wisselkoers wat op die verslagdatum gegeld het, omgeskakel. Winste of verliese wat by omskakeling ontstaan, word teen surplus/tekort gehef.

**1.5 Inkomste**

Inkomste word gemeet teen die billike waarde van die teenprestasie wat ontvang is of wat ontvangbaar is. Inkomste word erken wanneer dit waarskynlik is dat daar in die toekoms ekonomiese voordele of dienstepotensiaal na die entiteit sal vloei en wanneer die bedrag inkomste betroubaar gemeet kan word en daar aan spesifieke kriteria vir die entiteit se aktiwiteite voldoen is. Inkomste uit die lewering van dienste word in surplus of tekort erken in verhouding tot die stadium van voltooiing van die transaksie op die verslagdatum.

Die bedrag word nie as betroubaar meetbaar beskou totdat al die gebeurlikhede in verband met die transaksie opgelos is nie.

**1.5.1 Inkomste uit nie-valutatransaksies**

**1.5.1.1 Onvoorwaardelike toekennings**

'n Onvoorwaardelike toekenning word as inkomste erken wanneer die toekenning ontvangbaar is.

**1.5.1.2 Voorwaardelike toelaes en ontvangste**

Inkomste ontvang uit voorwaardelike toekennings, skenkings en befondsing word as inkomste erken tot die mate waartoe die entiteit voldoen het aan enige van die kriteria, voorwaardes of verpligtinge wat in die ooreenkoms beliggaam word. Tot die mate waartoe die kriteria, voorwaardes en verpligtinge nie nagekom is nie, word 'n las erken.

Rente verdien op beleggings word gehanteer in ooreenstemming met toelaagvoorwaardes. Indien dit aan die toekenner betaalbaar is, word dit opgeteken as deel van die las, en indien nie, word dit as rente verdien in die Staat van Finansiële Prestasie erken.

Toekennings wat die entiteit vergoed vir uitgawes wat aangegaan is, word op ŉ sistematiese manier in surplus of tekort erken in dieselfde jare waarin die uitgawes erken word.

### 1.5.1.3 Dienste in natura

Dienste in natura is dienste wat deur individue aan entiteite gelewer word sonder dat gelde gehef word, maar dit kan aan bepalings onderhewig wees. Personeel van openbare entiteite lewer waardevolle ondersteuning aan die entiteit in die bereiking van sy doelwitte. Die diens wat gelewer word, kan egter nie betroubaar gemeet word nie en dus word dit nie in die Staat van Finansiële Prestasie of in die Staat van Finansiële Posisie erken nie.
Die aard van die diens word openbaar gemaak in die notas by die finansiële state.

### 1.5.2 Inkomste uit valuta-transaksies

Inkomste ontvang uit rente op beleggings en lopende bankrekening.

## 1.6 Uitgawe

### 1.6.1 Finansiële transaksies in bates en laste

Skuld word afgeskryf wanneer dit as onverhaalbaar geïdentifiseer word. Skuld wat afgeskryf word, word beperk tot die bedrag van spaar en/of onderbesteding van geappropriëerde fondse. Die afskrywing vind teen jaareinde plaas of wanneer fondse beskikbaar is. Geen voorsiening word gemaak vir onverhaalbare bedrae nie, maar bedrae word as ŉ openbaarmakingsnota openbaar gemaak.

Alle ander verliese word erken wanneer magtiging vir die erkenning daarvan verleen is.

### 1.6.2 Vrugtelose en verkwistende uitgawe

Vrugtelose en verkwistende uitgawe word in die Staat van Finansiële Posisie as ŉ bate erken totdat die uitgawe van die verantwoordelike persoon verhaal word of as onverhaalbaar in die Staat van Finansiële Prestasie afgeskryf word.

### 1.6.3 Onreëlmatige uitgawe

Onreëlmatige uitgawe word in die Staat van Finansiële Prestasie as ŉ uitgawe erken. Indien die uitgawe nie deur die toepaslike gesag gekondoneer word nie, word dit as ŉ bate gehanteer totdat dit verhaal word of as onverhaalbaar afgeskryf word.

### 1.6.4 Oordragte en subsidies

Oordragte en subsidies word as ŉ uitgawe erken wanneer die finale magtiging vir betaling op die stelsel gegee word (nie later nie as 31 Maart van elke jaar).

### 1.7 Bates

### 1.7.1. Finansiële instrumente

Die finansiële instrumente van die entiteit word as finansiële bates of as laste gekategoriseer.

#### 1.7.1.1 Finansiële bates

ʼn Finansiële bate is enige bate wat kontant is of ʼn kontraktuele reg om kontant te ontvang. Die entiteit het die volgende tipes finansiële bates soos weerspieël op die staat van finansiële posisie of in die notas daarby:

- Handels- en ander ontvangbare rekenings
- Kontant en kontantekwivalente

In ooreenstemming met IAS 39.09 word die finansiële bates van die entiteit soos volg geklassifiseer in die kategorieë wat deur hierdie standaard toegelaat word:

| Tipe finansiële bate | Klassifikasie ingevolge IAS 39.09 |
|---|---|
| Handels- en ander ontvangbare rekenings | Lenings en ontvangbare rekenings |
| Kontant en kontantekwivalente | Lenings en ontvangbare rekenings |

#### 1.7.1.2 Lenings en ontvangbare rekenings

Lenings en ontvangbare rekenings word aanvanklik erken as kostes, wat billike waarde verteenwoordig. Na aanvanklike erkenning, word finansiële bates teen geamortiseerde koste gemeet met behulp van die effektiewerentemetode minus ʼn korting vir verswakking.
Hulle word ingesluit by bedryfsbates, buiten vir vervaldatums verder as 12 maande, wat as nie-bedryfsbates geklassifiseer word.

### 1.7.2 Finansiële laste

ʼn Finansiële las is ʼn kontraktuele verpligting om kontant of ʼn ander finansiële bate aan ʼn ander entiteit te lewer. Die finansiële laste van die entiteit is handels- en ander bedrae betaalbaar, soos weerspieël op die staat van finansiële posisie en die notas daarby.

Daar is twee hoofkategorieë van finansiële laste, waarvan die klassifikasie gebaseer word op hoe hulle gemeet word. Finansiële laste kan gemeet word teen:

- billike waarde deur surplus of tekort; of
- geamortiseerde koste.

Finansiële laste wat teen billike waarde deur surplus of tekort gemeet word, word teen billike waarde aangegee, en enige gevolglike wins of verlies word in die Staat van Finansiële Prestasie erken. Enige ander finansiële las moet geklassifiseer word as finansiële laste wat nie teen billike waarde deur surplus of tekort gemeet word nie en word aanvanklik teen billike waarde, na aftrekking van transaksiekoste gemeet. Ander finansiële laste word daarna met behulp van die effektiewerentemetode teen geamortiseerde koste gemeet, met rente-uitgawes wat op ʼn effektiewe-opbrengs-basis erken word.

### 1.8 Kritiese rekeningkundige skattings en oordele

Die entiteit maak skattings en aannames in verband met die toekoms. Die gevolglike rekeningkundige skattings sal, per definisie, selde gelyk wees aan die verwante werklike resultate. Skattings en oordele word deurlopend geëvalueer en word op ervaring van die verlede en ander faktore gebaseer, insluitend verwagtinge van toekomstige gebeure wat onder die omstandighede as redelik beskou word. Die skattings en aannames wat ŉ beduidende risiko het om ŉ wesentlike aansuiwering te veroorsaak aan die drabedrae van bates en laste binne die volgende boekjaar, word hieronder bespreek.

#### 1.8.1 Voorsiening vir verswakking van ontvangbare rekenings

ŉ Skatting vir die verswakking van ontvangbare rekenings word gemaak wanneer die volle bedrag waarskynlik nie meer ingevorder kan word nie. Die voorsiening vir verswakkingskuld kan slegs op handels- en ontvangbare rekenings bereken word. Die totale voorsiening vir verswakking van die entiteit sal volgens individuele debiteur of minstens volgens risikokategorie bereken word.

#### 1.8.2 Voorwaardelike aanspreeklikhede

ŉ Skatting vir voorwaardelike aanspreeklikhede word gemaak wanneer die entiteit ŉ huidige wetlike verpligting het as gevolg van gebeure in die verlede, dit waarskynlik is dat ŉ uitvloei van hulpbronne nodig sal wees om die aanspreeklikheid na te kom, en ŉ betroubare skatting van die bedrag van die aanspreeklikheid gemaak kan word.

### 1.9 BTW en moontlike vrystellings

Die entiteit is nie daarop geregtig om as ŉ BTW-handelaar te registreer nie. Indien enige befondsing egter ontvang word wat die entiteit geregtig maak op moontlik vrystelling, sal sodanige aansoek ingedien word.

| **Syfers in Rand** | **2012 R'000** | 2011 R'000 |
|---|---|---|
| **2. Handels- en ander ontvangbare rekenings** | | |
| Handels- en ander ontvangbare rekenings | **31** | - |
| | **31** | - |

Handels- en ander ontvangbare rekenings word as lenings en ander ontvangbare rekenings geklassifiseer. Die drabedrag van handels- en ander ontvangbare rekenings is min of meer hulle billike waarde.

***3. Kontant en kontantekwivalente***

| | | |
|---|---|---|
| Kontant en kontantekwivalente bestaan uit: | | |
| Banksaldo's | **1,239** | 714 |
| | **1,239** | 714 |

**Kredietkwaliteit van kontant by bank en korttermyndeposito's, kontant voor hande uitgesluit**

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit kontant en hoogs likiede korttermynbeleggings wat by geregistreerde bankinstellings gehou word en wat 'n uitkeerdatum van drie maande of minder het en wat aan onbeduidende renterisiko onderworpe is. Die drabedrag van hierdie bates is ongeveer dieselfde as hulle billike waarde.

| | | |
|---|---|---|
| **4. Handels- en ander bedrae betaalbaar** | | |
| Handelsbedrae betaalbaar | **-** | 1 |
| Oplopings | **22** | 53 |
| | **22** | 54 |

Handels- en ander bedrae betaalbaar word as 'n finansiële aanspreeklikheid geklassifiseer. Die billike waarde van transaksies vir handels- en ander bedrae betaalbaar, is min of meer hulle billike waarde.

**5. Inkomste**

| | | |
|---|---|---|
| **Inkomste uit nie-valutatransaksies** | | |
| Oordragte en subsidies ontvang | **1,380** | 400 |
| Ander bedryfsinkomste – Kortings: Ouditgelde | **75** | - |
| **Inkomste uit Valutatransaksies** | | |
| Rente-inkomste | **47** | 55 |
| | **1,502** | 455 |

**Syfers in Rand**

| | **2012 R'000** | 2011 R'000 |
|---|---|---|
| **6. Ouditgelde** | | |
| Eksterne oudit | **150** | 99 |
| | **150** | 99 |
| **7. Kontant gegenereer uit/(gebruik in) funksies** | | |
| Surplus/(Tekort) voor belasting | **588** | (536) |
| Aansuiwering vir: | | |
| Rente ontvang | **(47)** | (55) |
| **Veranderinge in bedryfskapitaal** | | |
| Handels- en ander ontvangbare rekenings | **(31)** | - |
| Handels- en ander bedrae betaalbaar | **(32)** | (14) |
| | **478** | (605) |
| **8. Administratiewe uitgawes** | | |
| Onthaal | **47** | 62 |
| Skryfbehoeftes en drukwerk | **8** | 9 |
| Bankkostes | **1** | 1 |
| | **56** | 72 |
| **9. Ledegelde** | | |
| Dr. J Almond | **9** | 14 |
| Me. M Attwell | **19** | 6 |
| Dr. N Baumann | **9** | 14 |
| Mnr. F Brown | **3** | 7 |
| Dr. M Burden | **19** | 18 |
| Dr. S Chickure | **3** | 3 |
| Dr. P Classen | - | 14 |
| Me. S De Gois | **42** | 30 |
| Me. J Deacon | **8** | 17 |
| Mnr. D Der Heever | **-** | 19 |
| Mnr. P Fefeza | **27** | 21 |
| Mnr. A Gierdien | **-** | 20 |
| Mnr. D Grootboom | **-** | 12 |
| Dr. M Guma | **-** | 10 |
| Mnr. D Halkett | **16** | 17 |
| Mnr. D Hart | **-** | 1 |

**ERFENIS WES-KAAP**
**FINANSIËLE JAARSTAAT**
**Vir die jaar geëindig Maart 2012**

| Syfers in Rand | 2012 R'000 | 2011 R'000 |
|---|---|---|
| Mnr. T Hart | **17** | 5 |
| Mnr. R Joshua | **54** | 32 |
| Mnr. S Joyi | **-** | 9 |
| Mnr. C le Fleur | **-** | 12 |
| Me. M Leslie | **51** | 12 |
| Mnr. P Louw | **17** | 13 |
| Mnr. R Summers | **14** | - |
| Dr. A Malan | **8** | 18 |
| Me. Z Manzana | **9** | 14 |
| Me. N Mkunqwana | **-** | 10 |
| Dr. P Pether | **2** | 5 |
| Mnr. Q Lawson | **7** | - |
| Mnr. L Raymond | **-** | 19 |
| Me. L Robinson | **22** | 16 |
| Mnr. R Robinson | **16** | 11 |
| Prof. J Sealy | **5** | 5 |
| Me. M Steenkamp | **10** | 20 |
| Mnr. T Thorold | **23** | 36 |
| Mnr. S Townsend | **66** | 43 |
| Me. S Winter | **65** | 33 |
| Me. M Wolters | **26** | 21 |
| | **567** | **557** |

**10. Ander bedryfuitgawes**

| | | |
|---|---|---|
| Reis en verblyf | **58** | 77 |
| Konsultante, kontrakteurs en spesiale verlof | **4** | 48 |
| Advertensiekostes | **35** | 36 |
| Publikasies | **30** | 15 |
| Vertalings en transkripsies | **-** | 4 |
| Koerierdienste | **5** | 11 |
| Instandhoudingsmateriaal | **-** | - |
| Toerusting minder as R5000 | **-** | 4 |
| Regskostes | **9** | 68 |
| | **141** | 263 |

| Syfers in Rand | 2012 R'000 | 2011 R'000 |
|---|---|---|

## 11. Verwante partye

**Verhoudings**

| | |
|---|---|
| Primêre befondsers | Departement van Kultuursake en Sport |
| Strategiese vennoot | Wes-Kaapse Taalkomitee |
| Strategiese vennoot | Wes-Kaapse Kultuurkommissie |
| Sekondêre befondser | Nasionale Tesourie |

**Aard van verhouding**

Amptenare van die Departement van Kultuursake en Sport in die Wes-Kaap verrig die uitvoerende en administratiewe funksies wat met Erfenis Wes-Kaap geassosieer word.

Die entiteit benut die akkommodasie van die Departement van Kultuursake en Sport en het toegang tot die gebruik van hulle bates en sekuriteitsdienste wat deur die Departement van Gemeenskapsveiligheid gelewer word.

Nasionale Tesourie subsidieer die ouditgelde van Erfenis Wes-Kaap.

**Transaksies met verwante partye**

**Inkomste ontvang van verwante partye**

| | 2012 R'000 | 2011 R'000 |
|---|---|---|
| Departement van Kultuursake en Sport | 1,380 | 400 |
| Nasionale Tesourie | 75 | - |

## 12. Foute in vorige jaar

Foute in die vorige jaar is heraangegee en was die gevolg van nuwe inligting wat verkry is en in die voorbereiding en aanbieding van die finansiële state van 2011/12 in berekening gebring is. Die heraangee van die vorige jaar se foute het tot die volgende aansuiwerings gelei:

**Items geraak in die Staat van Finansiële Prestasie:**

| | 2010/11 | Heraangegee | Effektiewe verandering |
|---|---|---|---|
| Daling in uitgawes | 998 | 991 | (7) |

**Items geraak in die Staat van Finansiële Posisie:**

| | 2010/11 | Heraangegee | Effektiewe verandering |
|---|---|---|---|
| Daling in rekeninge betaalbaar | 61 | 54 | (7) |

## 13. Risikobestuur

### Markrisiko

Die entiteit se aktiwiteite stel dit aan 'n verskeidenheid finansiële risiko's bloot: markrisiko (billikewaarde-rentekoersrisiko, kontantvloei-rentekoersrisiko), kredietrisiko en likiditeitsrisiko.

Die entiteit word nie aan markrisiko blootgestel nie, aangesien krediteure binne 30 dae na ontvangs van 'n faktuur betaal moet word, soos vereis deur tesourieregulasies en die Wet op Openbare Finansiële Bestuur.

### Likiditeitsrisiko

Likiditeitsrisiko is die risiko dat die entiteit nie in staat sal wees om sy finansiële verpligtinge na te kom wanneer dit betaalbaar is nie. Ingevolge die leenvereistes verseker die entiteit dat voldoende fondse beskikbaar is om sy verwagte en onverwagte finansiële verpligtinge na te kom. Alle saldo's van uitstaande betaalbare rekeninge moet binne 30 dae vanaf die verslagdatum betaal word.

### Sensitiwiteitsontleding

Indien die rentekoers op finansiële instrumente met 'n veranderlike koers 1% hoër/laer was en al die ander veranderlikes dieselfde was, sou die nabelaste surplus vir die jaar op 31 Maart 2011 R12,390 hoër/laer gewees het.

### Rentekoersrisiko

Die entiteit se risikoprofiel bestaan uit lenings met vaste en swewende rentekoerse en banksaldo's wat die entiteit aan billikewaarde-rentekoersrisiko en kontantvloei-rentekoersrisiko blootstel en kan soos volg opgesom word:

### Finansiële Bates

Handels- en ander ontvangbare rekenings teen 'n vaste koers. Bestuur beheer rentekoersrisiko deur voordelige koerse op lenings met swewende rentekoerse te beding en deur, waar moontlik, lenings met vaste rentekoerse te gebruik.

Bestuur het ook 'n beleid wat die rente op batelenings balanseer met die rente wat op laste betaalbaar is.

**Kontantvloei-rentekoersrisiko**

| Finansiële Instrument | Huidig | Verskuldig in minder as 'n jaar | Verskuldig in een tot twee jaar | Verskuldig in twee tot drie jaar | Verskuldig in drie tot vier jaar | Verskuldig na vier jaar |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Kontant by huidige bankinstellings | - | 1,239 | - | - | - | - |
| Handels- en ander bedrae betaalbaar – verlengde krediettermyne | - | (22) | - | - | - | - |
| Netto bedrag | - | 1,217 | - | - | - | - |
| Verby vervaldatum maar nie voorsiening voor gemaak nie | - | - | - | - | - | - |

**Kredietrisiko**

Kredietrisiko verwys na die risiko dat die teenparty sy kontraktuele verpligtinge sal versuim, wat sal lei tot finansiële verlies vir die entiteit. Die entiteit het 'n beleid aanvaar om net met kredietwaardige partye sake te doen.

Kredietrisiko bestaan hoofsaaklik uit kontantdeposito's, kontantekwivalente, afgeleide finansiële instrumente en handelsdebiteure. Die entiteit deponeer kontant slegs by groot banke met hoë kredietwaardigheid en beperk blootstelling aan enige enkele teenparty.

Geen kredietperke is gedurende die verslagjaar oorskry nie, en die bestuur verwag nie enige verliese as gevolg van teenpartye wat nie presteer nie.

**Maksimum blootstelling aan kredietrisiko**

Die entiteit is nie aan kredietrisiko ten opsigte van lenings en ontvangbare rekenings vir die oorsigtydperk blootgestel nie.

## 14. Rekonsiliasie tussen begroting en kontantvloeistaat

Rekonsiliasie van begrotingsurplus/tekort met die netto kontant wat uit bedryfs-, beleggings- en finansieringsaktiwiteite gegenereer is:

| Beskrywing | Bedryfs-aktiwiteite R'000 | Finansierings-aktiwiteite R'000 | Beleggings-aktiwiteite R'000 | Totaal R'000 |
|---|---|---|---|---|
| Werklike bedrag soos voorgelê in die begrotingstaat | - | - | - | **-** |
| Basisverskille | (1) | - | - | **(1)** |
| Verskille in tydsberekening | 526 | - | - | **526** |
| Werklike bedrag in die kontantvloeistaat | 525 | - | - | **525** |

# 4. MENSLIKEHULPBRONBESTUUR

## 4.1 VERGADERINGS VAN DIE RAAD EN KOMITEES VAN EWK

**Raad van Erfenis Wes-Kaap**

Erfenis Wes-Kaap se huidige Raad is deur die Minister van Kultuursake, Sport en Ontspanning vir 'n termyn van drie jaar aangestel, met ingang 5 Augustus 2010. Dit het gevolg ná 'n proses van openbare benoemings ingevolge die bepalings van die Wet. Die Raad se twee jaar in die amp het dus in Augustus 2011 begin.

## 4.2 Uitvoering van werk

Die uitvoerende en administratiewe funksies van die Raad van Erfenis Wes-Kaap word uitgevoer deur aangewese beamptes wat in diens van die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport is, soos onderling ooreengekom tussen die Raad van Erfenis Wes-Kaap en die LUK, soos uiteengesit in Regulasie 10 in die Provinsiale Kennisgewing 336 en gepubliseer in *Provinsiale Koerant* 5937, gedateer 23 Oktober 2002. Die funksies wat verrig moet word, sluit die volgende in, maar is nie daartoe beperk nie:

(a) identifisering van en navorsing oor erfenis en erfenishulpbronne;

(b) strategiese bestuur;

(c) beskerming en bestuur van erfenishulpbronne;

(d) bestuur van permitaansoeke;

(e) finansiële en administratiewe ondersteuning;

(f) sekretariële dienste aan die Raad van Erfenis Wes-Kaap en sy Komitees; en

(g) die vestiging en instandhouding van databasisse en ander hulpbronne.

Die goedgekeurde diensstaat vir hierdie funksie bestaan uit sestien (16) goedgekeurde poste. Teen die einde van die boekjaar is veertien (14) van die goedgekeurde poste deur voltydse personeel en twee deur kontrakwerkers gevul.

Die verantwoordelikhede ingevolge die finansiële bestuur van Erfenis Wes-Kaap berus by die Hoof- Finansiële Beampte, wat met twee ander openbare entiteite (Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Wes-Kaapse Taalkomitee) en die Departement van Kultuursake en Sport gedeel word. 'n Toegewyde komponent vir Ondersteuning vir Openbare Entiteite doen direk aan die Hoof-Finansiële Beampte verslag.

# 5 ANDER INLIGTING

## 5.1. Akronieme

Die volgende akronieme word in hierdie verslag gebruik:

| | |
|---|---|
| APM | Komitee vir Argeologie, Paleontologie en Meteoriete |
| | |
| HUB | Hoof-Uitvoerende Beampte / Rekenpligtige Gesag |
| RBB | Raamwerk vir Bewaringsbestuur |
| | |
| UK | Uitvoerende Komitee |
| EWK | Erfenis Wes-Kaap |
| IAKom | Impakasseringskomitee |
| | |
| RvB | Rekord van Besluit |
| SAEHA | Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap |

Sedert die instelling daarvan in Oktober 2002 het Erfenis Wes-Kaap beduidende vordering gemaak ten opsigte van die doeltreffende implementering van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne. Die primêre verantwoordelikheid bly die verwerking van aansoeke ingevolge verskillende artikels van Hoofstuk II van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999). Sover as wat hulpbronne dit toelaat, stel dit ook nuwe beskermingsmaatreëls in en werk aan die identifisering en bestuur van Graad III-erfenishulpbronne in samewerking met munisipaliteite en bewaringsliggame. EWK probeer ook in 'n beperkte mate om erfenisbewaring en spesifieke provinsiale erfenisterreine te bevorder.

## 5.2 Lys van Kontakbesonderhede

| | |
|---|---|
| Andrew.Hall@westerncape.gov.za | **0214839544** |
| Christina.Jikelo@westerncape.gov.za | **0214839682** |

## 5.3 Addisionele Inligting

Geen